

Rokende Houtstomp

Volume 2

Uit die ewige vuur geruk

(Is dit dalk jy?)



Joas Natan

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

Skrifaaanhalings: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld nie.

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige manier,

elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in enige

informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die uitdruklike

toestemming van die skrywer nie.

Kontakbesonderhede: admin@joasnatan.co.za

Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>

Oorsig

Jaar Een

Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.

Volume 2: 27 Februarie tot 18 April. (Huidige boek)

Volume 3: 19 April tot 9 Junie

Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie

Volume 5: 1 Augustus tot 21 September

Volume 6: 22 September tot 12 November

Volume 7: 13 November tot 31 Desember

Jaar Twee

Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie

Volume 9: 22 Februarie tot 10 April

Volume 10: 11 April tot 31 Mei

Inhoudsopgawe (Volume 2)

	Bladsy
Inleiding	6
26 Febr. Die beloofde land	10
27 Febr. Christen in die woestyn	13
28 Febr. Nog woestynchristene	16
29 Febr. Christen in Beloofde Land	18
1 Mrt. Beloofde Land Christen	21
2 Mrt. Direkteur 1	23
3 Mrt. Direkteur 2	26
4 Mrt. Dieper doel	29
5 Mrt. Drie Planne	32
6 Mrt. God se plan	35
7 Mrt. Eerste Hanekraai	37
8 Mrt. Groot geveg 1	40
9 Mrt. Groot geveg 2	43
10 Mrt. Groot keuse	46
11 Mrt. Groot preek	47
12 Mrt. Groot trek	50
13 Mrt. Groot vraag	52
14 Mrt. Groot wegbreek	55

15 Mrt. Grootheid van God	58
16 Mrt. Grootste teleurstelling	61
17 Mrt. Grootste pyn	64
18 Mrt. Die hel 1	67
19 Mrt. Die hel 2	70
20 Mrt. Die Here weet beter	72
21 Mrt. Hewiete	75
22 Mrt. Hoe van Geesvervulling	78
23 Mrt. Hoe van geen Geesvervulling	81
24 Mrt. Ideale mens	82
25 Mrt. Hoe van selfverloëning 1	85
26 Mrt. Hoe van selfverloëning 2	88
27 Mrt. Die Juk	91
28 Mrt. Kruischristen 1	93
29 Mrt. Kruischristen 2	95
30 Mrt. Lyding van Jeshua	97
31 Mrt. Plan agter alles	101
1 Apr. Oudste Seun 1	103
2 Apr. Oudste Seun 2	106
3 Apr. Oudste Seun 3	108
4 Apr. Plan agter die plan	110
5 Apr. Prediker soek sin 1	113

6 Apr. Prediker soek sin 2	115
7 Apr. Die prys	117
8 Apr. Die Saaier 1	120
9 Apr. Die Saaier 2	123
10 Apr. Die Saaier 3	125
11 Apr. Die sin van Name	128
12 Apr. Die sin van teenspoed	132
13 Apr. Die smal weg	134
14 Apr. Die storm gaan verby	136
15 Apr. Tempel	139
16 Apr. Trofee	142
17 Apr. Verbondsmaal	144
18 Apr. Die verhouding	147

Inleiding

Waarom?

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met 52 dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

Waaroor?

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.

Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.

3. **Gelowiges wat teruggeval het.** Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Oor die outeur en finansies.

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)

Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.

Joas Natan

Eleljoon: God die Allerhoogste.

Die aangrypende geskiedenis van Israel se verlossing van die 400 jaar slawerny in Egipte, het ook vir ons, in ons lewens vandag, iets te sê. Daar is booreenkomste tussen Israel se uittog uit Egipte, hulle reis deur die woestyn en hulle inkom in die Beloofde Land, en ons lewensreis as gelowiges. Kom ons kyk na van hierdie ooreenkomste:

1. Israel was in Egipte in **slawerny** vasgevang. Ook ons was in ons sonde, voordat ons by Jesus uitgekom het, slawe van sonde. Ook ons het nodig gehad dat ons uit die slawerny verlos moes word.
2. Soos die Egiptiese Faraó baie weerstand gebied het om die Israëliete hulle **vryheid** te gee, gee satan ook nie maklik op ons lewens op nie. Hy probeer alles om ons steeds binne sy magsgebied te hou.
3. Soos daar in Israel se geskiedenis 'n dag aangebreek het wat hulle deur die **Rietsee** uit Egipte se mag ontsnap het, kom daar ook in die kind van God se lewe genadetyd. Vir sommige van ons is dit by die inseëning van die babatjies en vir ander van ons is dit by die doop van die babatjie en vir ander is dit die bekeringsdoop.
4. Daar was vir die Israëliete geleentheid om gou na hulle uittrek uit Egipte, die **Beloofde Land in te trek**. Vanweë die tien uit die twaalf

verspieders, se ongelowige en negatiewe terugvoering van toestande in die Beloofde Land, het die Israëliete nie kans gesien om God vir hulle ingaan te vertrou nie. So is daar vir sommige van ons die geleentheid om gou die Beloofde Land, van God se geestelike seënninge, in te gaan wanneer ons, ons bekeer. Vir ander van ons is daar 'n woestyntyd nodig soos vir Israel. Ons moet eers gereed gemaak word, dikwels deur lyding en pyn voordat ons gereed is om die Beloofde Land van Sy beloftes, in te gaan.

5. Soos die Israëliete op die walle van die **Jordaanrivier** binne in die Beloofde Land, kamp opgeslaan het, slaan ons as bekeerlinge ook dikwels in die Beloofde Land kamp op. Ons is tevrede dat ons dit gemaak het maar vorder niks verder die Beloofde Land in nie.
6. In Josua 1 word die Israëliete aangemoedig om die Beloofde Land in besit te neem deur net **in te beweeg**, God vir die oorwinning oor struikelblokke te vertrou en Sy wil te doen. Hier kom die probleme vir menige gelowige gedoopte kind van God. Ons raak so gemaklik in ons redding dat ons net daar op die walle van die Jordaan vir die res van ons lewens wil kamp. Ons wil God nie vertrou vir veel meer nie. Ons kan so baie van hierdie Beloofde Land van redding besit, ons kan Sy Heilige Gees ontvang, ons kan dien en liefhê en groot en sterk in ons God word. Maar ons is onwillig om in te beweeg, in besit te neem wat Hy vir ons

beloof het. Ons is traag om Hom te glo en op Hom te vertrou. Soms is ons net te lui om geestelik op te staan en te begin beweeg.

Ek moet Sy Koninkryk – Die Beloofde Land- help tot stand bring. Die Beloofde Land is die land van ongeredde siele. Ek moet ingaan en hierdie ongeredde siele vir Hom gaan help bewerk en inbring – Vir Hom in besit gaan neem. Dit is waarvoor Hy ons inbring in Sy Koninkryk, sodat Hy geëer, gedien en verheerlik kan word. Dit vind plaas sodat Sy wil kan plaasvind en Sy hemel vol kan word. **So kan jy ook help om die Beloofde Land vir Hom in besit te neem.**

Eliab: My God is Vader.

Toe jy tot bekering gekom het, het jy simbolies uit die land van slawerny, die land van Egipte, af weggetrek. Toe jy simbolies deur die Rietsee getrek het, die woestyn in, het jy iets van die woestynlewe van die Christen begin ervaar. Dalk kan jy met van die onderstaande belewings van die woestynchristen identifiseer.

1. Die woestynchristen word op die ouderdom van ongeveer 16 tot 17 in sommige kerke aangeneem as lidmaat en word dan aan die gemeente voorgestel. Die woestynchristen ervaar hierdie gebeurtenis as die hoogtepunt van sy geestelike lewe. Dikwels gaan die woestynchristen se geestelike lewe hierna agteruit. Ongeveer 70% van hierdie jong mense gee op, op die Christelike geloof, tydens hulle universiteitsjare.
2. Die woestynchristen fokus op ander dinge as sy geestelike lewe. So is die beroep en voorbereiding vir die beroep aanvanklik van die grootste belang. O ja, die Godsdiens is nodig om hom of haar te help in hierdie proses maar godsdiens is sekondêr en die beroep is primêr.
3. Na die aanvanklike klem op die loopbaan en loopbaanvoorbereiding skuif die klem vir die woestynchristen dikwels na finansies en besittings toe. O ja, Godsdiens is ook hiervoor belangrik. God moet die mens help om ryk en onafhanklik te word.

4. Die gesin is ook 'n hoë prioriteit vir die woestynchristen. Die kinders moet in die kerk kom en van Jesus leer sodat hulle ook eendag soos pa en ma weet waar om hulp te gaan soek indien hulle die Here dalk mag nodig kry.
5. Die woestynchristen is altyd gebalanseerd. Hy sal *nooit met die Bybel onder die arm loop* soos die woestynchristene so lief is om te sê nie.
6. Vir die woestynchristen is sekuriteit baie belangrik. Sekuriteit word dan verkry deur dinge soos geleerdheid. So dikwels sal 'n mens die volgende woorde in die woestynchristen se huis hoor: *My kind, niemand kan geleerdheid van jou wegneem nie*. Dit gebeur veral in die huise van die woestynchristen wat nie vir sy kind geld en eiendom as sekuriteit kan nalaat nie.
7. Soos reeds gesê is balans vir die woestynchristen baie belangrik. Daar moet balans wees tussen werk, kerk en plesier. Oppas om nie iets te oordoen nie. Veral Godsdienste moet nie oordoen word nie. Daarvoor is daar dikwels handige kerkgenootskappe waarna verwys word as voorbeelde van hoe dinge nie oordoen moet word nie. Dit geld nou veral sang en musiek, om oor Godsdienste te praat en veral om tog nie te veel tyd aan Godsdienste te bestee nie. Onthou balans is alles.
8. Vir die woestynchristen is kerkbywoning baie belangrik. Dit is veral 'n goeie gewoonte en daarom moet die kinders ook daaraan gewoond

gemaak word. Selde is daar 'n diep behoefte om God te gaan aanbid of om vir Hom te gaan dankie sê.

28 Februarie

Nog woestynchristene (2)

Eliël: God is God.

9. Die woestynchristen hou gewoonlik van baie sterk formalisme in die erediens. Hy moet altyd weet presies wat gaan gebeur en hoe dit gaan gebeur. Die formalisme gee sekuriteit en 'n gevoel van beheer.
10. Die woestynchristen groei nie eintlik geestelik nie. Hy dwaal maar so in die woestyn rond, van een krisis na die ander krisis toe. Tydens die krisis het hy natuurlik die hulp van die Here nodig, en kom gewoonlik vir 'n kort tydjie so 'n bietjie nader aan die Here.
11. 'n Mooi en skoon lewe is vir die woestynchristen nogal belangrik. Vir die mooi en skoon lewe sal hy hard veg en hard werk. Hy glo ook in die stelling dat *Every person is master of his own fate*. Jy sal dan ook hierdie woorde in die klaskamers van die woestynchristen onderwyser kry.
12. Om goed te doen is vir die woestynchristen die hoogtepunt van sy geestelike lewe. Daarom sal jy hulle dikwels in die komitees van die kerk aantref of in een of ander welsynsorganisasie.
13. Die woestynchristen het gewoonlik passies. So sal sport, opera, hengel, lees, sosiale verkeer of wat ook al sy of haar passie wees. Hierdie passies is nodig ten einde te kan ontspan. Onthou balans is alles.

14. Om onderhoudend te kan gesels is vir die woestynchristen uiters belangrik. Vir die doel moet jy wel belese en berese wees. Jy moet elke dag die wêreldgebeure intens navors in die media. Verder moet jy die wêreld sien ten einde sinvol met ander woestynchristene te kan kommunikeer.
15. In die heilige naam van balans moet jy as woestynchristen tog net nie met kuisheid en engheid oorboord gaan nie. Wat is daarmee verkeerd om maar 'n bietjie voorhuwelikse seks te beoefen, of om maar so af en toe lekker te *kuier* (ander woord vir suip) of om bietjie pornografie te kyk of om so 'n bietjie te dobbel of so 'n bietjie te begeer (Jy weet mos 'n man bly maar 'n man) of om ter wille van sosialiteit maar vieslike grappe te luister en te vertel?

Volgende keer praat ons oor die Christen wat uit die woestyn uit kom (hopelik nie in die woestyn sterf nie) en deur die Jordaan die Beloofde Land ingaan. Dan kan jy jou aan die leefstyl van hierdie Christen ook toets.

29 Februarie

Die Christen in die Beloofde Land

(Vervolg op die Christen in die Woestyn)

Elifas: God is soos fyn goud.

Na die woestynlewe volg gewoonlik die deurgang deur die Jordaan, die Beloofde Land in. Vir die Christen het hierdie deurgang ook 'n simboliese betekenis.

Kom ons keer eers vir 'n rukkie terug na die woestynbestaan toe. Direk nadat die Israëliete deur die Rietsee uit Egipte gekom het, het God vir Moses gesê om 12 verspieders die Beloofde Land in te stuur (Num. 13). Op hierdie stadium was die Israëliete eintlik baie naby aan die Beloofde Land. Ons weet dat alleen Josua en Kaleb gunstige verslae oor die moontlike oornam van die land teruggebring het. Hierdie twee mense het besef dat die ongeoefende Israëliete geen kans gestaan het teen die bevolkings en die reuse van die Beloofde Land nie. Hulle het egter ook besef dat in Israel se swakheid en onervarendheid, hulle sterkte geleë was, aangesien God se krag in Israel se swakheid volbring kon word. Die twee manne het dus hulle eie vermoëns verloën, en op God se groot krag vir oorwinning, staat gemaak. Die ander 10 verspieders het net die reuse raakgesien en hoe swak Israel was. Ongelukkig het die volk gekies om die 10 ongelowige verspieders te volg en wou hulle nie op God vir hulle oorwinning staatmaak nie. Die gevolg was dat

alleen Josua en Kaleb deur God begenadig is, die woestynlewe oorleef het en die Beloofde Land ingegaan het. Net twee mense, uit 'n paar miljoen volwassenes, kon die woestynlewe oorleef, om die Beloofde Land in te gaan. Dit was bloot omdat hierdie twee bereid was om by hulle eie onvermoëns verby te kyk en God se almag raak te sien. Al die ander volwassenes het in die woestyn omgekom.

Ook vir die Christen is hieruit iets te leer. Alleenlik wanneer ons soos Kaleb en Josua ons eie kragte verloën, en God vertrou vir ons redding, stel ons Sy krag vry. Hierdie oorgawe kan tydens ons bekering plaasvind. Ons kan so dadelik tydens ons bekering die Beloofde Land ingaan en so die volle voordele van hierdie ingang begin smaak. Vir die meeste Christene gebeur dit egter nie so nie. Hulle word wel gered uit die sondebestaan, die land van slawerny, maar hulle kom nie dadelik tot volle oorgawe van die self nie. Hulle verkies om die self nog in beheer van hulle lewens te plaas. So begin hulle woestynlewe. Vir hierdie mense, wat in die vorige aflewering beskryf is, is 'n woestynlewe nodig, om hulle tot op die punt van oorgawe van die self te bring. Hulle moet eers aan hulleself begin wanhoop. Hulle moet eers op daardie punt kom, waar hulle kan erken dat hulleself nie verder kan nie, en dat hulle God nodig het. Vir sommige mense kan dit een jaar neem om so tot selfverloëning te kom. Ander het 10, 20 of 40 jaar nodig. Sommige kom nooit tot daardie volle oorgawe en selfverloëning nie en sterf in hulle woestynbestaan sonder om ooit tot volle saligheid te kom.

Kom ons keer nou terug na die woestynmense. Dit is mense wat, soos die Israeliete in die woestyn, deur pyn, lyding, swaarkry, siekte, nood, honger, dors, tugtiging en ellendes, tot op die punt van oorgawe kom. Dan word nie meer op die krag en vermoë van die self vertrou nier. Dit is mense wat ten volle oorgee aan God en God vertrou. Ons praat nou van die mens wat deur die Jordaan van selfverloëning, die Beloofde Land van volle oorgawe aan God, betree. Hierdie oorgawe, hierdie selfverloëning is die ervaring van die kruis van Christus. Soos Christus Homself oorgegee het om gekruisig te word so sterf die kruischristen saam met Hom. Kom ons volg nou hierdie pelgrim na die Beloofde Land, dit wil sê die *Kruischristen* in teenstelling met die *woestynchristen*.

1 Maart

Die Beloofdelandchristen (2)

Elifelet: God is Verlossing.

Elke dag begin die kruischristen nuut ten opsigte van die proses van selfverloëning, gee hy oor aan Christus, en dra hy sy kruis, soos Christus Sy kruis gedra het.

Het jy al op daardie punt gekom? Is jy al so gebrei deur die lewe dat jy aan die einde van jou eie kragte gekom het? Kon jy al opreg oorgee; alles wat jy het, alles wat jy is, en gedink het jy is: Jou godsdienstige lewe, jou fokus op ander dinge in die lewe as God, jou loopbaan, jou finansies, jou gesin, jou sogenaamde gebalanseerde lewe, jou wantroue van ander medechristene, jou sekuriteit, jou vergenoegdheid met 'n geestelike lewe waarin daar geen groei is nie, jou behepthed met jou eie pogings om mooi en skoon te lewe, jou wêreldse passies, jou klem op sekulêre prestasies en jou liberale denke?

Met ander woorde het jy al gesterf aan jouself? Het jy aanvaar dat hierdie afsterwe van jouself 'n proses van eenwording met Christus, in Sy afsterwe, was; dat jy nou dood is vir die sonde? Kon jy so leeg word van jouself en so ruimte skep vir God se inwonende Gees?

Indien jy so die Jordaan van selfverloëning oorgesteek het, kan jy ook met dieselfde geloof en selfverloëning aanvaar, dat jy ook een met Hom geword het, toe Hy opgestaan het uit die dood. Indien dit wel gebeur het, lewe jy nou saam met Hom. So betree jy as kruischristen die Beloofde Land.

Waar die self die senterpunt van jou bestaan was, het Christus dit nou geword. Jy het nou 'n kruischristen geword.

Hierdie is 'n proses. Net soos Israel baie in die Beloofde Land moes leer oor die proses van selfverloëning sal jy dit ook moet leer. Dink aan die wonderlike resultate wat God deur die selfverloënde Israëliete behaal het. Dit was alleen moontlik toe hulle gestroop van hulleself net God vir die onmoontlike vertrou het. Hulle het net gehoorsaam om Jericho begin stap, vir die grootste oorwinning van hul lewe. Dink aan die harde lesse wat hulle net hierna moes leer, toe hulle weer begin terugkeer het na hulle selfgenoegsame bestaan van: *Ek kan die oorwinning self behaal*. Toe hulle so jammerlik misluk het in hulle aanval op die klein stadjie, Ai.

Ons oorgawe van die self, is 'n daaglikse oorgawe. Ons kruisdra is voordurend. Dit is ons lot solank ons op hierdie aarde is. Ons lot is die van die *kruisdrachristen*.

2 Maart

Die Direkteur

Elishua: My God is redding.

Verhaal nommer een:

Hy het lank gewerk om sy huidige posisie te bereik. Een ding het hom deur al die jare gedra en dit is sy werksvermoë. Hy het altyd in homself geglo en het geweet dat hy dit op die ou einde sal maak. Hy sal suksesvol wees. Hy glo in die letters in goud op sy lessenaar: *Every man is master of his own fate*. Soos hy nou hier sit, in sy koninkryk wat hyself geskep het, met bloed, sweet en trane, weet hy dat hyself vir homself moet dankie sê. Wanneer hy om hom rondkyk sien hy al sy grade, kwalifikasies en toekennings. Hy het nog altyd van sedehout gehou en daarom het hy dit alles in Sederhoutrame laat monteer. Later het hy dit met goud laat oortrek. Dit voel of hierdie dinge soos groot arende oor hom waak. Hy het mos hierdie dinge verwerf sodat dit hom sekuriteit en beskerming kon gee. Sy oë dwaal verder rond in sy heiligdom. Al die mure is met houtpaneel bedek. Hy weet dat dit soliede hout is. As versiering het hy houtsneewerk daarop laat aanbring. Hierdie plek van hom, wat vir hom so heilig geword het, verdien net die beste. Selfs die vloere is van soliede hardhout gemaak. Iets wat nogal besonders van sy kantoor is, is die plafon wat ook van duursame hout gemaak is (let wel nie

kwadsen nie). Hy kyk na sy lessenaar. Dit was nodig om in die ruim kantoor die lessenaar 'n bietjie af te skort van die res van die kantoor. Jy kom by die lessenaar nou darem baie naby aan die baas van die plaas. Die lessenaar is pragtig van duursame hout gemaak met houtsneewerk daarop. Dit voel vir hom, as hy na sy lessenaar kyk, of dit amper die hart van sy kantoor uitmaak. Dit is amper die binneste heiligdom van sy heiligdom. Hier het hy baie belangrike kontrakte onderteken en van hier af het hy sy heiligdom bestuur. Die heiligste plek is egter sy stoel agter sy lessenaar. Niemand, niemand behalwe hyself, mag op hierdie stoel sit nie. 'n Mens kan amper sê dit is die heiligste van sy heiligdom. Maar nou dat hy oor alles dink beseft hy dat die stoel, sonder homself, niks beteken nie. Hy, hyself, is die hart van alles. Die kern van sy sukses lê binne in homself. Daar is sekere reëls wat hy vir homself neergelê het, en uit hierdie beginsels het hy sy onderneming bestuur en opgebou. Dit is interessant om te dink dat hierdie reëls, soos denkraamwerke in sy kop vasgelê is. Hierdie reëls in sy kop vorm eintlik die hart van alles. Dit het alles bepaal en ook al sy sukses gebring. Hy kan so goed onthou die kere toe hy kortpaaie probeer neem het en van hierdie reëls afgewyk het. Dadelik het sy omset gedaal en het hy mislukkings begin ervaar. Sy oë dwaal na die massiewe dubbeldeure van sy heiligdom, deure wat sy heiligdom beskerm teen ongewenste besoekers. Hier het hy hom deur sy liefde vir olyfhout laat lei. Mense wat nie op sy finansiële vlak en op sy statusvlak beweeg nie, sal nooit deur daardie deure toegelaat word nie. Die res van sy kantoor kompleks is 'n ligte goudkleur geverf. Daar waar die gewone mense toegelaat word, mag hulle so 'n

ietsie van die groter heerlikheid van sy koninkryk ervaar, wanneer hulle die goudkleur sien. Hy wonder oor hoe lank dit hom geneem het om hierdie magtige ryk op te bou. Dit voel soos 'n ewigheid maar in werklikheid was dit maar net sewe jaar gewees.

3 Maart

Die Direkteur- Verhaal nommer twee

(Lees saam met 2 Maart)

Elimeleg: God is Koning.

Die besonderhede wat by 2 Maart onderstreep is, kom uit 1 Konings 6: 1 en verder. Dit handel oor die tempel wat Salomo vir God opgerig het.

14: Salomo het die tempel voltooi. Die hele binnekant, die mure en die plafon het hy met sederplanke oordek. Die vloer het hy van sipreshout gemaak.

16: Agter in die tempel het hy tien meter met sederplanke afgeskort, van die vloer tot teen die plafon. Dit was 'n binneste heiligdom, genoem die Allerheiligste.

19: Salomo het die binneste heiligdom agter in die tempel voorberei as 'n plek waar die ark van die Here geplaas kon word.

22: Hy het die hele tempel, asook die altaar in die binneste heiligdom met goud bedek.

23: In die binneste heiligdom het Salomo twee gerubs van olyfhout gesit. Elkeen was 5 meter hoog.

27: Salomo het hulle langs mekaar in die binneste heiligdom van die tempel gesit. Hulle uitgespreide vlerke was van muur tot muur.

29: Al die mure van die binneste heiligdom en die hoofvertrek is rondom versier met gerubs, palmbome en blomme wat daarop uitgesny is.

31: Salomo het dubbeldeure van olyfhout met vyfkantige kosyne gemaak vir die ingang van die tempel.

38: Dit het sewe jaar geneem om die tempel te bou.

1 Konings 8:

6: Daarna het die priesters die verbondsark van die Here na die binneste heiligdom van die tempel, die Allerheiligste, gebring en dit onder die vlerke van die gerubs neergesit.

Slotopmerkings

Ons weet dat satan 'n nabootser is. Toe Moses God se wonders voor die Eiptenaars en die farao moes doen het die towenaars, deur satan se mag, hierdie wonders nageboots. Hulle was egter net in staat om die eerste drie plae na te boots. Hierna het die towenaars handdoek ingegooi en vir die farao gesê dat hulle nie die ander plae kan naboots nie. Die ander sewe plae kom, volgens selfs die duiwel se demone, van God af (Eksodus 8:19).

Wanneer die mens nie onder God se beheer is nie, word hy deur satan beheer. So mag dit wees dat die mens wat glo dat hy sy eie god is, ook vir homself 'n koninkryk skep en so God probeer naboots. Die voorbeeld van die **Direkteur** is net een voorbeeld van hoe 'n mens sy eie koninkryk met 'n beheersentrum soos

‘n tempel van ouds, kan skep. So poog die mens gewoonlik om ‘n plek vir hom te skep waar hy aanbid kan word. Dit is merkwaardig hoeveel raakpunte ‘n mens tussen die twee verhale kan kry wanneer ‘n mens die situasies fyner ontleed. Die verdorwe mens sal altyd self probeer god wees, hy sal altyd vir homself tempels bou waar hy aanbid moet word, deur homself en ander. Hy sal homself omring met sy sekuriteite en weelde. Hy sal glo dat hyself alles tot stand gebring het. Hy sal hom afsonder in sy allerheiligste plek. Hy sal sy eie ark hê in die vorm van sy lessenaar en sy stoel. Nie God nie, maar hyself, sal in sy eie ark wees. Die stoel, vanwaar hy oor sy eie koninkryk regeer sal nie God op Sy troon wees nie, maar ‘n plek waar die mens in al sy glorie sit. Dit is merkwaardig hoe lief die mens is om homself met duursame hout te omring in sy eie tempel. Soos die tien gebooie op die kliptafels God se volk se optrede moes gerig het, so sal die mens se eie *Ten secrets to success* sy optrede rig en sy denke bestuur. ***So, the director will direct his own doom.***

4 Maart

Die dieper doel

Elkabod: “God is Glory.”

In die Amplified Bible word Mat. 1:21 soos volg weergegee:

She will bear a Son and you shall call His Name Jesus (the Greek form of the Hebrew Jeshua, which means Saviour), for He will save His people from their sins(that is prevent them from failing and missing the true end and scope of life, which is God).

Hiervolgens is sonde, die mis van die doel van die lewe. Die doel van die lewe is God. Wanneer jy die doel van jou lewe mis, tref jy ‘n afgod. Die meeste van die tyd sal die afgod die eie ek wees. So word die doel van jou lewe jouself, in plaas van God en lewe jy sonde in sy mees basiese vorm uit. Die ekstensiteite van die self word gewoonlik, in hierdie geval, die doel van jou lewe, dit waarop jy fokus, die ware *true end and scope of life*. Gewoonlik sal hierdie ekstensiteite maklik herkenbaar wees. Dit sal dan dinge soos die volgende wees: Dit wat jy hoog aanslaan ten opsigte van wat vir jouself eer sal bring. Dit wat jy hoog aanslaan in jou eie koninkryk. Dit wat jy graag self wil doen volgens jou eie wil en begeertes. Duidelik word God se eer, Sy koninkryk en Sy wil deur jou eie vervang. Gewoonlik is hierdie mens met die skewe fokus op die lewe so gefokus

op hierdie dinge, langs God, dat hy dit telkens met sy lewe tref. So word die fokus dan geld, status, geleerdheid, erkenning, beroep ens.

Die eerste drie bedes van die Onse Vader dui telkens die perfekte doel van die lewe aan:

1. Laat U Naam geheilig word
2. Laat U koninkryk kom
3. Laat U wil geskied.

In die eerste bede word God, Sy eer, Sy Naam bo alles gestel.

In die tweede bede word Jesus betrek om God se koninkryk deur Sy soenverdienste na die mens toe uit te brei.

In die derde bede word verwys na Jesus se Gees wat kom om die mens te lei en in staat te stel om God se wil te doen, met ander woorde om lief te hê. So dui die eerste drie bedes die Goddelike Drie-eenheid aan.

Die uiteinde van die sinvolle, Godgefokuste lewe, is pragtig opgeteken in die Bergpredikasie. Die openingswoorde, van die grootste preek wat ooit gelewer is, die saligsprekinge. Wie is dan hierdie mense wat uitgesonder word vir besondere vermelding as mense wat die *Blessing* van God ontvang? Wie is hierdie mense wat die volgende is: *happy , to be envied and spiritually prosperous –with live joy and satisfaction in God`s favour and salvation, regardless of their outward condition (Mat. 4:3)?*

In die gedeelte van Matt. 5:3 tot 11 word die mense met die regte lewensfokus vir ons aangedui:

1. Nederige, afhanklike mense
2. Mense wat hartseer is.
3. Sagmoedige, geduldige mense
4. Mense vir wie reg en geregtigheid belangrik is.
5. Mense vol genade vir ander mense se swakhede.
6. Opregte mense
7. Mense wat vrede najaag.
8. Mense wat ly omdat hulle vir God lief is.
9. Mense wat vervolgt word ter wille van Christus.

Hierdie mense se *true end and scope of life* is God. Hulle het die dieper doel van die lewe ontdek.

5 Maart

Die Drie Planne

Elkabod: *Verhewe Koninklikheid.*

Menslike planne

Daar is 'n ou gesegde wat lui: *Die mens wik maar God beskik.* Die wik van die mens kan vergelyk word met die beplanning wat die mens vir sy lewe doen. Ons is voortdurend besig om planne te maak. Soms is dit vir korttermyn en soms is dit vir die langtermyn. So beplan die mens vir sy nuwe motor, die vakansie by die see, die kinders se verdere studie en vir aftrede. Beplanning laat jou voel dat jy in beheer is. Dit voel vir jou of jy daardeur vir jou sekuriteit skep. Hierdie is die eerste vorm van beplanning. Hierdie is die argitekstekening waarbinne jou lewensverloop plaasvind. Of so dink jy.

Regeringsplanne

Al die menslike beplanning vind plaas binne 'n groter prentjie van regeringsbeplanning. In ons geval word die regering se planne hoofsaaklik deur Humanistiese, Sosialistiese ideologieë aangedryf. In ons regering is daar heelwat Kommuniste wat in sleutelposisies aangestel is. Baie van die ander hoëvlakbesluitnemers is in kommunistiese lande opgelei en word grootliks deur die denkraamwerke van hulle vorige weldoeners beïnvloed. Die *New Age* bevorder

hierdie denkraamwerke. Hiervolgens is die mens in beheer van sy eie waardigheid, sy reg, sy selfbeskikking, sy moraliteit (soos hy dit self definieer). Dan word die mens sy eie god. Daar is toenemend tekens dat die regeringsbeplanning voor die ateïstiese godsdiens van die humanisme in Suid Afrika, buig. Tans gebeur dit baie subtiel en word die mense geleidelik deur die humanisme ingesuiig. Dink in hierdie verband aan hoe kinders in die skool aan die leuen van evolusie blootgestel word, hoe die kinders geleidelik van die voorreg van Christelike onderwys ontnem word, hoe moraliteit, wat deur God en Sy Woord bepaal is, deur 'n goddelose New Age humanistiese moraliteit, **van dit wat werk is reg**, vervang word. Die hele gedagte van kommunistiese, dialektiese materialisme, is agter baie van die sogenaamde nuwe idees in Suid Afrika, besig om in beplanning te gaan. Daar is haas nie 'n terrein waar daar nie met dialektiese materialisme geëksperimenteer word nie. Dink net hoe die ou *teses* (Dit wat vroeër bestaan en gewerk het) van onderwys, gesondheid, die regstelsel en die ekonomie net nie meer goed genoeg was vir die nuwe regering nie. Die ou *teses* word nou *deur* die *anti-tese* (Iets nuuts wat deur evolusie of geweld of dwang die ou tese verander en uitdaag) vervang. Voorbeelde van anti-teses wat bestaande teses uitdaag is dinge soos uitkomsgebaseerde onderwys, die nuwe nasionale gesondheidsplan, die tradisionele en Afrika regsbeginsels en die sosialistiese ekonomiese stelsels. Hieruit kom volgens die marxistiese model nou nuwe *sinteses* wat veronderstel is om beter as die oorspronklike *tese* te wees. Dialektiese materialisme vorm die basis van die beplanning van ons huidige

regering vir die lewe en toekoms van die burgers van hierdie land. Verwag in toenemende mate dat die vryheid van die individu al meer ingeperk gaan word want in die marxistiese humanisme is daar nie veel plek vir die vryheid van die mens nie. Hierdie proses is veronderstel om natuurlik soos in evolusie plaas te vind. Die probleem is egter dat vanweë die feit dat hierdie denkpatroon op valse aannames berus, dit telkens met rewolusie, mag en geweld aangehelp moet word.

6 Maart

Die derde Plan: God se plan.

Elkabod: God is splendour.

Bo-oor die beplanning van die mens en die regering kom die plan van alle planne: God se plan. God het 'n ander plan vir hierdie wêreld. Hierdie plan van God gaan buite om die mens se beplanning, en die humanistiese wêreldbeplanning, steeds voort. Die mens mag wel dink dat hy wik, en die regering mag wel dink dat hy oor die lotgevalle van mense beskik. Maar die uiteindelijke beskikking van die mens se lot word in God se plan vir die wêreld voltrek. Nou wat is God se plan dan?

God het 'n plan van redding en van oordeel. Indien die mens bereid is om deel van God se plan vir redding, soos dit in Jesus se koms beplan is, te wees, is daar vir die mens 'n ewige lewe na die dood by God beskik. Indien die mens verkies om sy eie god te wees, soos deur die humanis beplan, wag daar in God se plan vir hierdie mense 'n ewige oordeel. Tans laat God nog toe dat Sy plan van redding volvoer word. Alle aanduidings is egter daar dat hierdie dispensasie van die kerktyd besig is om vinnig uit te loop. Na verwagting sal die kerkdispensasie ongeveer 2000 jaar neem. Tydens hierdie genadetyd sal baie mense van die heidennasies gered word. (Tans kom daar in Afrika alleen ongeveer 20,000 mense

elke dag tot bekering). Hierna volg die wegraping. Hierna kom die sewe jaar van ernstige verdrukking. Dan is daar die wederkoms van Christus en die 1000 jarige vrederyk. Ons is volgens alle aanduidings baie naby aan die wegraping.

Laat ons dan ons eie lewensbeplanning liever by God se beplanning inpas en die Goddelose, Ateïstiese Humanisme raaksien vir wat dit is, naamlik satan se laaste desperate poging om soveel siele uit die hemel, as wat moontlik is, te hou.

7 Maart

Die eerste Hanekraai

Elkabod: God is sovereign

In Markus 14 vanaf vers 66 staan die gebeure om Petrus se verloëning van Jesus opgeteken. Vers 72: *Juis toe kon 'n mens die haan 'n tweede maal hoor kraai. Petrus het dit ook gehoor en dadelik onthou wat Jesus vir hom gesê het: **Voordat die haan twee maal kraai, sal jy al drie maal gesê het dat jy My nie eens ken nie.** Toe het hy bitterlik gehuil.*

Baie mense, moontlik onself, het al gewonder hoe Petrus so gemeen kon wees om hierdie lelike ding aan Jesus te doen nadat Jesus so baie vir hom gedoen het.

In hierdie gedeelte is daar egter iets opgeteken wat baie mense mislees, naamlik dat daar ook 'n eerste hanekraai was. Vanaf vers 67 word die gebeure om die diensmeisie wat Petrus as Jesus se volgeling erken het, opgeteken. *Jy is mos een van die groep mense wat agter die Naserener, Jesus, aangeloop het, sê sy.*

***Nee, ek is nie, het Petrus dadelik ontken. Ek het g'n idee waarvan jy praat nie, ek ken die man nie eens nie.** Toe staan hy op en gaan staan naby die hek. Net toe kraai die haan.*

Petrus het nie die eerste hanekraai gehoor nie. Hy was doof vir die waarskuwingsteken dat hy besig is om Jesus te verloën. 'n Mens kan baie oor die

waarom hiervan dink, maar die kern van die verhaal is nie *waarom* maar *dat* dit gebeur het.

Ook in ons lewens speel hierdie drama elke dag af. Ook ons hoor die waarskuwing van die eerste hanekraai. Ook ons steur ons dikwels nie daaraan nie.

Ook ons moet met trane later erken dat ons God se waarskuwing geïgnoreer het.

Kom ons raak 'n bietjie prakties en kyk na moontlike geleenthede waartydens ons die eerste hanekraai in ons lewens ignoreer.

1. Dalk het ons nie die eerste hanekraai gehoor toe ons daardie eerste **drankie** geneem het nie, of gekies het om terwille van aanvaarbaarheid maar die eerste trek aan die daggapyp te neem.
2. Dalk verkies ons om nie die hanekraai te hoor wanneer ons die eerste woorde van die sappige **skinderstorie** hoor nie.
3. Die eerste hanekraai kan ook vir ons dof word wanneer ons ons monde oopmaak om te **kritiseer**, te oordeel en te veroordeel.
4. Wanneer ons vol **begeerte** na dit loer wat ons so graag wil besit of geniet kan ons ook verkies om die hanekraai van die gewete te ignoreer.
5. Wanneer ons tussen vriende is, is ons dikwels doof vir die hanekraai en hoor ons net ons vriende. Dit mag wees dat hierdie vriende selfs **Jesus se Naam** misbruik maar dat ons ons ore toemaak vir die haan wat helder en duidelik begin kraai.

6. Het jy al soos Petrus **doelbewus ontken** dat jy Jesus se kind is? Moontlik nie. Maar hoeveel keer het jy maar net soos die wêreld gelyk sonder dat mense Jesus in jou kon herken. Jy is dalk so doof soos 'n kwartel vir die haan se kraai, uit jou gewete, wanneer daar 'n geleentheid is om vir Hom te getuig, vir Hom uit te staan of om Sy Naam te verdedig.
7. Dikwels waarsku die eerste hanekraai jou dat jy nou getoets gaan word. Dit is dalk wanneer jou **geduld** begin opraak, of dalk wanneer jou **liefde** begin afneem of dalk wanneer jou **selfverloëning** min raak.

Wanneer jy jou oor instel om fyn te hoor sal jy die voëlgesang begin hoor. Merkwaardig dat jy dit nie kon hoor voordat jy jou gehoor doelbewus ingestel het nie. So is dit ook ten opsigte van die eerste hanekraai.

Waarom sal ons wag vir die tweede hanekraai as die eerste een so helder in ons ore klink? Waarom sal ons, soos Petrus, later bitterlik moet huil?

8 Maart

Die groot geveg

Gabael: God is verhewe.

In Efesiërs 6: 12 staan die volgende woorde opgeteken:

Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld, teen die bose geeste in die lug.

Hierdie selfde gedeelte word in die *Amplified Bible* soos volg weergegee:

For we are not wrestling with flesh and blood (contending only physical opponents), but against the despotisms, against the powers, against (the master spirits who are) the world rulers of the present darkness, against the spirit forces of wickedness in the heavenly (supernatural) sphere.

In die *Pocket Oxford Dictionary* kom die volgende woordverklarings voor:

Despotisms: tyrannical conduct, autocratic government or State subject to it.

Powers: States with international influence, the constituted authorities.

Dit wil dus voorkom of in hierdie gedeelte nie net na die bose geeste en satan verwys word nie maar ook na regeringsinstellings. Ons word uitdruklik gewaarsku teen hulle aanvalle en meer spesifiek word ons geleer hoe ons, ons kan bewapen teen aanvalle van hierdie instansies. In plaas van om na die

wapenuitrusting te kyk wat baie goed omskryf word in hierdie gedeelte, wil ek hê dat ons moet kyk na dit wat ons bedreig. Deur na die besondere wapenuitrusting te kyk, kan ons 'n idee kry van dit waarvoor ons moet oppas.

1. *Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe.(Vers 14)*

Ons kan dus aanneem dat satan en sekere regerings die leuen sal gebruik om die mens se verhouding met God aan te val. Hoe kan dit gebeur? Satan is 'n meester by die gebruik van halwe waarhede. Dink maar aan hoe hy vir Eva verlei het (Gen. 3) en hoe hard hy probeer het om Jesus met verdraaide Bybelse waarhede te verlei (Mat.4). Die leuens van regerings en politici is legio. Om die waarheid te sê is daar omtrent niks wat nie vanuit 'n bepaalde politieke perspektief aan die mense opgedis word nie. Dikwels is die regerings blatant ateïsties, soos by ons, en word Goddelike waarhede soos die skeppingsverhaal doelbewus met evolusieleer vervang om die sosialistiese sekulêre doelstellings van die regering te bevorder.

Die media is dikwels die gewillige meeloper van regerings en satan in hierdie verband. Indien jy jou oopstel vir sodanige inligting moet jy deeglik die gordel van waarheid 'n kerfjie stywer trek.

2. *Die vryspraak deur God as borsharnas (Vers 14).*

Die wete dat God jou vryspreek van sondes word deur satan en die owerheid ook aangeval. Hulle wil graag hê dat jy moet twyfel aan jou vrypraak. Dit doen hulle deur onder andere die sekulêre media in te span. Dikwels is die aanval subtiel. Dink maar aan die aantreklikheid waarmee stories en sepies aangebied word. Dikwels speel dit in op die mens se begeertes. Seks, rykdom en mag word opgehemel. Al die mense in die stories wat hieraan meedoen is so gelukkig. Die boodskap wat deurkom is dat jy ook so gelukkig kan wees indien jy aan hierdie dinge meedoen. Kort voor lank is jy so vasgevang deur die stories dat jy baie van jou tyd hieraan gaan afstaan. ‘n Dag het net soveel ure. Indien satan en sy aanhangers jou kan besig hou met hulle dinge gaan jy minder tyd oorhê om aan God en Sy boodskap van redding en vrypraak te bestee.

Die groot geveg 2 (Nog wapenuitrustings)

Gabriël: man van God.

3. *Die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete (vers 15)*

Die vraag wat hier gestel kan word is waarheen is jy oppad? In watter rigting is jou skoene gedraai? Wat lok jou en trek jou aan? Waarmee hou jy jousef besig? Waaraan bestee jy die meeste tyd? Laat jy toe dat satan en sy trawante jou lewe beheers met dit wat hulle deur die wêreld vir jou aanbied? Beweeg jou skoene in die rigting van rykdom, geleerdheid, mag, status, kennis, plesier, genot of gaan dit vir jou oor God se eer, Sy koninkryk en Sy wil? Dra jy die boodskap van vrede en verlossing uit of dra jou lewe die boodskap van aardse genot en mag uit?

4. *Die geloof as skild in die hand (vers 16).*

Alles wat ongeloof bevorder, kan as pyle wat op jou afgevuur word, gesien word. Wat bevorder ongeloof? Min tyd saam met die Here. Om nie te bid en die Bybel te lees nie. Om die strewe na aardse sukses jou hoogste prioriteit te maak. Om ongehoorsaam aan God te wees. Om

singenot jou hoogste doel te maak: seks, kos en gerief. Een van die dodelikste pyle wat satan op ons afvuur is die pyl van vrees. In die tyd wat ons vandag leef in Suid-Afrika in 2016, is hierdie pyl uiters effektief. Ons word bedreig deur vrees vir ons lewens, vir aanrandings en verkragting, ons vrees die polisie, ons vrees die regering en wat hulle met hulle onbeperkte mag kan doen, ons vrees dat ons eiendom onteien gaan word, ons vrees vir ons kinders se toekoms, ons vrees ons oudag, ons vrees dat ons geld nie genoeg gaan wees nie en ons vrees dat die standarde in ons land tot niet sal gaan. Daarom dat die Here dit so nodig geag het om ons hierdie skild aan te bied, 'n uiters effektiewe skild, die skild van geloof en absolute vertrouwe in Hom. Hierdie skild kan al die bose pyle wat op ons hart gerig is, afweer en so ons hart en siel ewig vir Hom beskerm.

5. *Verlossing as helm (vers 17).*

Jou kop, jou verstand, moet besonderlik beskerm word. Dit is hier waar satan heel maklik toegang tot jou diepste wese kry. Nie verniet dat Paulus in Romeine 12: 2 ons aanmoedig om ons denke te vernuwe nie. Oppas vir die skewe dogmas van ons tyd. Oppas vir die sekulêre paradigmas. Oppas vir wat jy lees en waarna jy kyk. My boetie en my sussie, jy mag dalk nie bewus wees van die verskriklike stryd wat vir die oorheersing van jou kop aan die gang is nie.

6. *Die swaard van die Gees(vers 17)*

Die woord van God kan as swaard van die Gees gebruik word om mee te verdedig sowel as om mee aan te val. Ons kan ons verdedig teen die leuens van satan, sy subtiele verleidings, sy uitlokking, die begeertes wat hy in ons wakker maak, sy aanslag op ons geloof en sy bose besettings. Die Woord kan egter ook gebruik word om aan te val, te weerlê, te bemoedig, te red, te versterk en om weer hoop en moed te gee.

Met hierdie wapenrusting aan en met kennis van dit waarteen ons gaan veg, kan ons oorwin. Mag dit ook vir jou so beskore wees.

10 Maart

Die groot keuse

Gaddiël: Geluk is God.

In Romeine 8: 12 word ons opgeroep om te kies. Ons word aangemoedig om te kies om nie meer in die sonde rond te ploeter nie. Twee aspekte word teenoor mekaar gestel: Aan die een kant, jy wat self probeer om die goeie te doen en jou eie saligheid te verdien. Aan die anderkant, jy wat oorgee aan God se Gees en Hom toelaat om die sonde in jou te oorwin en goeie vrug deur jou te dra. Wanneer jy onder die leiding van die Heilige Gees lewe, jouself verloën en aan Hom oorgee, val jy onder die wet van die Gees, en kan jy verwag dat die vrug van die Gees in jou lewe sigbaar sal wees. Dan sal die liefde jou lewe beheer en jou dring om jou gedrag en gedagtes aan Sy leiding te onderwerp. Hierteenoor is daar die wet, die onderhouding van die wet in jou eie krag met die gevolglike mislukking, sondes en verdoemenis.

Weereens word die mens gestel voor die keuse van selfhandhawing, self probeer, self red, self iets en iemand wees, en aan die anderkant selfverloëning, selfkruising en oorgawe aan Hom. Dus 'n keuse tussen selflewe en selfverloëning.

11 Maart

Groot Preek

Gedalja: Die Here is groot.

Alles om ons is besig om iets van God se grootheid te vertel. Indien jy bereid is om jou sintuie oop te stel, jou hart in te stel en Hom toe te laat, sal jy hierdie groot preek begin hoor. Die volgende is net om jou aptyt so 'n bietjie op te wek.

My tuin herinner my aan die Tuin van Eden. Hierdie pragtige tuin, om my, is maar net 'n herinnering van hoe dit in die Paradys was.

'n Boom vertel van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad; die boom wat die mens se ondergang was. 'n Boom kan jou ook aan die Boom van die Lewe herinner. Jesus se kruis is van 'n boom gemaak. Soos 'n boom bot sal ons ook die tekens van die tye lees en weet dat Jesus se koms naby is.

'n Blom herinner my aan die woorde van Jesus dat ons, ons nie moet bekommer oor klere nie want Hy, wat die blom so pragtig gemaak het, mooier as die ryk Salomo se klere, Hy sorg vir ons. Hy het selfs vir die eerste mense klere gemaak.

Die grasperk wat so mooi groen is laat my dink aan die groen weivelde van Psalm 23, waar Hy ons neerlê om te rus.

Die blou hemel laat my dink aan Paulus wat weggeruk is tot in die derde hemel. Iewers in die verste blou is daar die blyplek van God. Iewers daar word die nuwe Jerusalem in gereedheid gebring, ons toekomstige blyplek. In die toekoms sal seker een van God se grootste wonderwerke plaasvind wanneer Hy hierdie Jerusalem in al sy glorie aarde toe sal bring.

Die **pragtige wit wolke** kort nog net die afronding vir volmaaktheid. Dit sal gebeur as ons Heer, volgens Sy belofte, op die wolke gaan kom om ons te kom haal.

Die **klein miertjie** is ook deel van hierdie groot preek. In Spreuke 6: 6 staan: *Gaan na die mier jou luiaard , kyk na sy weë en word wys.*

Hulle sê die **groot bruin slak** is soos die hiëna. Hy aas en hy maak skoon. So is daar vir elke deel van God se skepping ‘n wonderlike plan. Ook die slak kan ons aan God laat dink, aan Hom wat ons reinig van alle sondes.

Die nederige en soms nie so baie intelligente **hoender**, het ook ‘n besondere plek in God se preek om ons. Die **haan** staan op die hoogste plek van die kerkoring. Wat die rede daarvoor ook mag wees, vir die een wat die preek wil hoor herinner die haan ons altyd dat ons nie vir Jesus moet verloën nie.

‘n **Duif** sal ons altyd aan die koms van die Heilige Gees herinner, hy wat soos ‘n duif uit die hemel vir ons gegee is.

Die nederige **donkie** is vereer met 'n kruis op sy rug. Het God geweet, toe Hy die donkie gemaak het, dat Sy Seun op hierdie nederige dier sou ry voordat hy gekruisig sou word?

Wanneer jy opkyk na die hemel en die wolke sien, sal jy ook die **voëltjies** sien. Selfs die nederige mossie het 'n plek in die Bybel. God se sorg vir ons word met Sy sorg vir hierdie ou voëltjie vir ons verduidelik. Ook die magtige arend vorm deel van hierdie groot preek. God sorg vir ons soos 'n arend vir haar kleintjie sorg.

Ten slotte kan jy dalk in die **spieël** kyk. Wat jy daar sien sal God se preek vir jou met 'n magtige *Amen!* kan afrond. Daar sal jy iemand sien vir wie God baie lief is. Daar sal jy iemand sien vir wie Jesus so lief is dat Hy Sy lewe vir daardie persoon gegee het. As jy mooi kyk sal jy dalk ook in die liefde van die oë, van die spieëlbeeld, die inwoning van God se Gees kan sien.

12 Maart

Die Groot Trek

Giddel: God het laat groei.

Die mens se groot lewenstrek begin gewoonlik in die spreekwoordelike Egipte. Daar is die mens ongered en leef hy in die sondeslawerny soos Israel van ouds. Daar kom egter ook 'n geleentheid vir die meeste mense om uit die land van sondeslawerny te ontsnap, soos Israel uit Egipte kon wegtrek. Hierdie gebeurtenis vind gewoonlik plaas wanneer 'n mens van sy sondebestaan bewus word, 'n begeerte ontwikkel om vry te kom, en die evangelieboodskap persoonlik aanneem. Dan gaan baie mense deur die Rooisee. Hierdie deurgang deur die Rooisee kan 'n pragtige betekenis in die gelowige se lewe hê. Egipte se mag oor Israel is in die Rooisee gebreek toe die Egiptiese leër saam met sy farao verdrink het. Israel kon by hierdie geleentheid sonder nagevolge deur die Rooisee trek. Hierin is baie simboliek saamgevat. Die dood en verbreking van die mag van die Egiptiese farao oor Israel kan simbolies wees van die verbreking van die slawebande van die sonde, wanneer die gelowige gered word. Soos Israel moes glo dat God in beheer is, en hulle red, so moet die ongelowige sondeslaaf ook glo dat God hom vrymaak, wanneer hy tot geloof in Jesus kom. Stel jou voor die massa water wat weerskante van Israel uitgetroon het, en die gleuf waardeur hulle getrek het. Dit laat 'n mens dink aan die geboorteproses; deur water heen gebore

deur die geboortekanaal. Daarom maak die waterdoop van die gelowige soveel sin. Deur die waterdoop verklaar die gelowige ook dat Hy glo dat Jesus vir sy sondes geboet het deur te ly en te sterf. Verder verklaar hy deur sy doping dat hy glo dat hy deur Jesus se bloed skoon gewas word. Interessant die naam Rooisee. Dit is asof die water en bloed vermeng geraak het die dag toe Israel deur die Rooisee getrek het en vry geword het van die slawebestaan onder die Egiptenaars. So ook het Jesus se bloed en water vermeng geraak en by Sy sy uitgeloop, toe die Romeinse soldaat die spies in Sy sy gesteek het. Die Farao was die hoof van dit wat Israel gevange gehou het. Hy en sy soldate het gesterf en hulle mag oor Israel is verbreek. So word ook satan as die hoof van die sondewêreld se mag, saam met sy demone se mag, verbreek wanneer die gelowige uit die doopwater opstaan en met die Heilige Gees vervul word. Deur die doop verklaar die gelowige immers dat hy saam met Jesus gesterf het en dat die oumens nie meer lewe nie. Soos die ou mens onder die doopwater ophou asemhaal, en so simbolies aan homself sterf, sterf die ou mens wanneer hy Jesus se vergifnis aanneem. Die nuwe mens asem die Goddelike lewensasem in, wanneer die die wind van God, die Ruach, die Heilige Gees, lewensasem in die mens word. So het Israel ook 'n nuwe bestaan, as volk van God ingegaan, nadat hulle deur die Rooisee getrek het. So het ook die woestynbestaan van Israel, die trek deur die Jordaan en die intrek in die beloofde land ooreenkomste met die lewe van die gelowige.

13 Maart

Die Groot Vraag

Goël: God is Losser.

‘n Vrou en haar sussie het vir ‘n paar ure lank trauma beleef by die regeringskantoor terwyl hulle probeer het om die vrou se bestuurderslisensie hernu te kry. Hulle is blootgestel aan vernedering, swak diens en rassediskriminasie. Hulle moes ure wag sonder dat iemand hulle gehelp het. Hulle kon nie kla by die bestuurder nie omdat daar by hom ‘n nog langer tou daar was. Hulle is tot die uiterste beproef. Hulle het gely en het onreg verduur. ‘n Ou man van diep in die tagtig het bleek en moeg in een van die toue gestaan. Ook hy moes maar net wag. Daar was ook ‘n vrou, met ‘n baba van 6 maande op die heup, wat ook maar net geduldig moes wag. Soms het die mense wat moes help net weggeraak en na ‘n lang ruk weer hulle verskyning gemaak. Die lyding het groot afmetings aangeneem.

In dieselfde dorp is mense al vir maande sonder water. Die damme is leeg. Die vullis is vir ‘n maand nie verwyder nie. Groot bedrae geld word deur die stadsraad verduister. Die voertuie is stukkend en daar is nie geld om dit reg te maak nie. Die gemeenskap ly.

Daar word baie deur hierdie gemeenskap vir herlewing gebid. Ons weet dat alle herlewing en die uitbreiding van God se koninkryk met lyding, vervolging, marteling en dood gepaard gaan. Deur die geskiedenis, van Jesus se tyd af was dit so; om geestelik voorspoedig te wees, moes daar fisies gely word. Ons weet dat God Hom nie van ons onttrek het nie en dat Hy met ons moeite maak. Hy laat beproewings toe om ons geestelik te laat groei. So is Hy besig om ons gebede vir die uitbreiding van Sy koninkryk, deur lyding, swaarkry en onregbelewing te verhoor. Ons is tog nie beter as Hy nie. Hy het immers vir ons gesê dat ons in hierdie wêreld sal swaarkry en dat 'n slaaf nie groter as sy Meester is nie. So juig ons, soos Paulus en Silas in die tronk, oor God se bemoeienis met ons. Ons gaan hierdie geestelike seën vir niks misloop nie. Ons kies om te bly in hierdie omstandighede.

Ons verblyf op die aarde is soos om in 'n oornaghut oor te bly. Dit is nie jou permanente huis nie. Jou permanente woning is in die hemel waar Jesus dit vir jou gereed maak. Jy sal nie in jou oornaghut probeer om al die geriewe van 'n huis in te sit nie. Jou verblyf is net te tydelik daarvoor (Preek 2015 ds. Petri Coetzee). Daarom het ons op die volgende besluit:

Ons gaan nie te veel probeer maak van hierdie oornaghut hier op hierdie aarde nie. Ons gaan rustig woon en werk(Ps 37). “ We are going to live on here for fruitful service, I shall remain and stay(Fil. 1: 22 tot 25)”. Ons gaan hier bly

*en ly soos ons Vader ons daarvoor bestem het, met die wete dat ons geestelik
baie baat. Solank Hy die deur vir ons oop hou gaan ons daar in en uit.*

14 Maart

Die Groot Wegbreek

Habaja: Die Here het versteek.

Kan jy saamvoel met die wegbrekers? Jy weet mos die ouens wat net eenvoudig genoeg moed het om alles vir 'n tydjie, of permanent, op te skop om hulle eie ding te doen. Dit is nou ouens wat sommer vir 'n jaar met 'n rugsak, op sy of haar rug, in Europa gaan rondstap en hier en daar 'n werkie doen, soos om vrugte te pluk, om aan die lewe te bly.

Dalk is jy nie 'n wegbreker in die ware sin van die woord nie en verkies jy om in die fantasiewêreld van ander weg te breek. Jy sal jou byvoorbeeld verdiep in die avonture van 'n held in 'n spanningsroman.

Maak nie saak hoe jy jou wegbreek kies nie, feit bly staan in elkeen van ons is daar iewers iets van 'n wegbreker opgesluit. Dalk is jy net deel van die oerwegbrekers. Jy weet mos die Adamiëte en Evaiëte. Dit is nou, vir die wat nie mooi verstaan nie, die eerste mense wat gekies het om weg te breek van God se gebod en hulle eie ding te doen. Hulle keuse het ons, ons keuse in hierdie verband, ontnem want hulle het ons, hulle nageslag, permanente wegbrekers gemaak.

Omdat God ons so oneindig liefhet, kon Hy net nie toesien dat die kroon van Sy skepping vir altyd verlore moet gaan nie. Hy het toe 'n wonderlike plan gemaak

om vir al die wegbrekers 'n geleentheid te gee om in te breek, in te kom in dit waaruit hulle weggebreek het, naamlik om een met Hom te wees.

Hierdie plan het behels dat God Sy Seun, Jesus Christus, soos 'n wegbreker moes behandel, al het Jesus nooit van God af weggebreek nie. Dit was sodat God kon toelaat dat Sy Seun die straf van wegbrekers kon dra en in die wegbrekers se plek gestraf kon word. Die gevolg was dat Jesus wreed geslaan, gespoeg, geklap en kaal uitgetrek, op 'n kruis vasgespyker is. Alles net om te betaal, omdat die mens van God af weggebreek het om sy eie ding te doen. Dit was 'n verskriklike offer wat Jesus gebring het. Dit was so erg dat Hy in Sy grootste nood aan die kruis uitgeroep het (Mat. 27:46):

Eloi, Eloi, lama sabagtani?

My God, My God, waarom het U my verlaat.

Geen groter leed, geen groter eensaamheid, is ooit deur enige wegbreker op hierdie aarde ervaar nie.

Dank God, toe Jesus hierdie wegbreekoffer gebring het, was dit vir God se regverdigheid genoeg. So het Hy dit dan vir elke wegbreker moontlik gemaak om in eenheid met Hom herstel te word. Daar was egter twee voorwaardes aan God se genade verbonde. Die wegbreekmens moes naamlik erken dat hy 'n wegbreker is. Dan moes hy in die tweede plek aanvaar dat dit wat Jesus gedoen het aan die kruis, vir al sy wegbreeksondes betaal het; dat die boete wat Jesus

betaal het met die bloed wat uit Sy liggaam uitgeloop het, al die mens se wegbreeksondes afgewas het.

Waarom het God en Sy Seun Jesus dit gedoen?

Johannes 3:16

For God so greatly loved and dearly prized the world that He gave up His only begotten (unique) Son so that who ever believes in (trusts in, clings to, relies on) Him shall not perish (come to destruction, be lost) but have eternal (everlasting) life.(Amplified Bible)

As Hy jou so liefhet wil jy nie maar jou wegbrekery laat staan en Sy Liefde in jou lewe 'n kans gee om jou weer een met Hom te maak nie?

15 Maart

Die grootheid van God

Hagalja: Die Here is bedroef.

In Kolossense 1: 15 worstel Paulus met 'n vraagstuk oor die grootheid van God.

Hy skryf soos volg aan die Kolossense:

Ons kan God nie met ons oë sien nie. Sy Seun is egter die beeld van God. Deur na Hom te kyk sien ons wie en hoe God is.

Waarmee kan ons God vergelyk?

Niks in die skepping kan met Hom vergelyk word nie.

Indien ek iets skep soos byvoorbeeld 'n houtkas, 'n brief, 'n skildery of 'n tuin, en dit is al wat jy van my het om iets van my tewe te kom, sal jy sekere dinge van my kan aflei deur na my skeppings te kyk, soos dat ek vaardig met my hande is, of moontlik vir iets 'n voorkeur het. Dit wat jy vanuit my skepping van my kan leer, is egter uiters beperk en jy sal hoogstens 'n idee van sekere van my voorkeure kan aflei. Met God is dit dieselfde: Hoe kan ons Hom ken deur net na Sy werke te kyk? Ons kan in verwondering staan voor dit wat Hy geskep het, maar dit is maar 'n swak afskaduwing van dit wat Hy is

Wat ons wel van God weet is dat Hy uit 'n ander dimensie kom as die mens. Hy kom uit 'n onbegrensde dimensie, uit 'n perfekte dimensie, uit 'n

geestesdimensie. Dalk is dit daarom vir die mens so moeilik om die grootheid van God te bedink. Dink maar net aan die mens: hy staan in verwondering voor 'n **enkele dimensie** soos byvoorbeeld lengte. Ons staan verstom oor die afstand wat in God se skepping voorkom. Ons kan dit nie eers met ons verstande omvat nie. Voeg nou nog 'n dimensie by, soos breedte. Nou kan die mens al op 'n **tweedimensionele vlak** iets van die wonder van God bedink. Die uitgestrektheid van oppervlakte raak duiseligwekkend vir die mens. Die **driedimensionele vlak** is vir die mens bykans onhanteerbaar. Dink maar net aan die mens se absolute gefassineerdheid met 'n bal. Die meeste speletjies hou mense se aandag onbeperk solank daar net 'n bal en beweging by betrokke is. Vir baie mense het hierdie derde dimensie, en wat daarin kan gebeur, so oorweldigend interessant geword dat dit die plek van God ingeneem het. Dink maar in hierdie verband aan die reaksie van toeskouers op 'n rugby- of sokkerstadion. Het jy al ooit soveel aanbidding in 'n kerk gesien?

Hoe sal 'n mens dan, indien hy so deur die driedimensies vasgevang word, ooit op die vlak van die **vierde dimensie**, die dimensie van tyd, oor God kan dink. Hoe kan 'n mens iets verstaan van 'n God vir wie 'n duisend jaar soos een dag is en een dag soos 'n duisend jaar (2 Petrus 3:8)? Die slimste mense wat ooit geleef het, 'n mens soos Einstein, kon iets daarvan in sy teorieë vasvat toe hy die haas onverstaanbare stelling geformuleer het dat *indien 'n mens teen die spoed van lig kan beweeg, tyd sal stilstaan*. Watter mens kan hierdie gedagte werklik verstaan?

Om net te kan besef dat God op nog ander dimensies bestaan soos op die **Geestelike** is alreeds 'n besondere openbaringsgenade van God. Net die gedagte daaraan is alreeds vir die mens, met beperkte vermoëns, 'n Godgegewe wonderwerk. Om inhoud aan hierdie gedagte te gee vereis dat die mens self na 'n ander dimensie moet beweeg. Alleen God se kinders wat ook in die Geestesdimensie begin bestaan, kan iets hiervan verstaan.

Die mens se verstand kan nie inhoud gee aan die moontlikheid dat God nog vele ander dimensies geskep het, beheer en bestuur nie. Dit is asof die mens se verstand net begin vasbrand as hy oor hierdie dinge begin dink. Die menslike verstand is nie gemaak om sulke inhoude oor God te akkommodeer nie.

Al wat dan vir die mens oorbly om te sê, is: ***God is groot, baie groot.***

16 Maart

Die grootste lewensteurstelling

Hallel: Lof

Sal die grootste teleurstelling wat 'n mens ooit kan tref, die feit wees dat jou hele lewe sinloos was, dat dit gemors is?

Wat kan erger wees as dat jy eendag, nadat jy gesterf het, uit Jesus se mond moet hoor dat jou lewe misluk het, *dat Hy jou nooit geken het nie*, en dat jy die ewigheid in die hel sal deurbring?

Die tragiese is dat baie mense onder 'n vals indruk is dat hulle saak met die Here reg is en dat hulle oppad is hemel toe. Kom ons kyk in hierdie verband na mense wie nie in die hemel sal wees nie:

1. Mense wat nie die **bruilofskleed** sal aanhê nie (Matt. 22: 11 en 12). Die bruilofskleed is onder andere die goeie daade wat mense gedoen het op die aarde. Watter goeie daade?
2. In Matt. 25: 35 noem Jesus die volgende **goeie daade** aan Hom: *Ek was honger en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere en julle het vir My klere gegee; siek en julle het My verpleeg; in die tronk en julle het My besoek.*

Indien ons versuim om hierdie goeie daade aan Jesus se kinders, ons medebroers en susters, te doen sal Hy ons nie toelaat in die hemel nie.

3. In die bergpredikasje vanaf Matt. 5: 22 sê Jesus dat iemand wat iemand anders as ‘n **dwaas of idioot uitskel**, nie geskik is vir die hemel nie.
4. In die Onse Vadergebed (Matt. 6:12) leer Jesus ons om te vra dat ons sondes vergewe moet word soos ons ook **ons skuldenaars vergewe**. Indien jy nie jou skuldenaars vergewe nie, sal jy ook nie vergewe word nie en sal jy die hemel misloop.
5. Volgens Romeine 8:9, sal jy nie die Ewige Lewe beërwe indien jy nie God se **Heilige Gees** in jou lewe het nie. *As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.*
6. In 1 Johannes 5:13 staan dat die brief geskryf word sodat ons kan weet dat ons die ewige lewe het, ons wat in die Seun van God glo. By implikasie sal jy nie die ewige lewe besit indien jy nie in die Seun van God **glo** nie.
7. Jesus kom op die wolke om mense te kom haal om ewig by Hom te wees. Watter mense sal dit wees? Dit is die mense wat op Hom **wag**. Indien jy nie op Hom wag nie, en nie ‘n verwagting in hierdie verband het nie, sal Hy jou nie kom haal nie (Hebr. 9:28).
8. Sonder **liefde** is dit onmoontlik om God te behaag. Die wat haat en anders niks gun nie sal nie die ewige lewe beërwe nie.
9. Indien jy **volhard in sonde** sal jy nie die ewige lewe saam met Jesus ingaan nie. Indien jy weet dat iets wat jy doen sonde is en jy hou aan om dit te

doen bereik jy later 'n punt waar dit onmoontlik is om aan te hou glo.
Hebr.10: 26 *Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie.*

10. Die *Bybel vir almal* definieer **onsedelikheid** so: *Dit is mense wat seksuele omgang het met iemand met wie hulle nie getroud is nie.* Die Bybel is baie duidelik oor hierdie saak en verklaar dat so iemand nie in die hemel sal inkom nie (Rom. 13:4 en Rom 1:26).

11. Die mens wat Jesus nie **erken en bely** voor mense nie moet nie verwag dat Jesus hom of haar sal erken in die hemel nie. Indien jy skaam is vir Jesus hier op die aarde sal jy nie welkom wees in die hemel nie (Lukas 12: 8,9)

Daar is nog tyd oor vir jou en my, wie hier lees. Waarom wil ons die ewigheid saam met Jesus misloop?

17 Maart

Die grootste pyn

Hanameël: God is Goedheid.

Seker die ergste pyne wat 'n mens kan ervaar, is wanneer hy moet vergewe. Dit is seker die hoogste offer wat 'n mens moet bring naas selfverloëning. Eintlik offer hy homself op in sy vergewing van ander. In vergifnis buig die mens diep, verloën hy homself, word hy meer gehoorsaam aan God as aan sy eie instinkte om te haat, te kritiseer, te oordeel, te veroordeel en te moor. Deur te vergewe kry die mens deel aan Christus se lyding, toe Hy die mense vergewe het wat Hom gekruisig het. Alles wat Jesus gedoen het en gely het was vir die mens se vergifnis. Daarom is dit die een voorwaarde vir die mens se vergifnis van sonde soos dit in die *Onse Vadergebed* verwoord word: *Vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe (Mat. 6:12).*

Hoe hoog is jou vergifnisdrempel? Toets jou vergifnis aan jou reaksie op die volgende nuusgebeure wat gedurende November 2010 gerapporteer is:

Agt mans het 'n weerlose vrou voor haar tienjarige seuntjie herhaaldelik om die beurt verkrag. Die vrou se man is wreed geslaan, geskop en deur die huis rond gesleep soos die verkragters wapens en geld gesoek het. Die arrogansie van die inbrekers blyk uit die feit dat hulle te midde van wat hulle besig was om te doen,

vir hulleself kos gekook het en die drank in die huis opgedrink het. Ten einde laaste het hulle met 'n paar selfone en 'n paar honderd rand ontvlug.

Die tweede toets:

Hierdie ou tantetjie, van 82, het asemnood ontwikkel. Sy moes in 'n regeringshospitaal opgeneem word omdat daar nie finansies was vir 'n privaathospitaal nie. In die hospitaal is sy deur die personeel wat haar moes versorg, geklap, geslaan en verniel. Sy het later aan haar beserings en haar siektetoestand beswyk.

Hierdie gebeurtenisse is nie eers jou persoonlike ervarings nie en tog wek dit by die meeste mense heelwat negatiewe emosie op. Die vraag is nou of jy hierdie oortreders kan vergewe? Kan jy vir hulle bid? Wat daarvan, indien dit **jou** vrou, ma of ouma was wat hierby betrokke was? Skielik begin 'n mens iets van die pyn en lyding van vergifnis ervaar. Skielik begin ons ietsie van Christus se pyn en lyding aan die kruis voel.

Dalk het hierdie tipe insidente satan se groot wapen teen die Christen in Suid-Afrika geword. Indien hy ons net so ver kan kry om te veroordeel, te haat en in ons harte te moor, is ons in wese nie veel anders as wat hy is nie. Dan het ons ook maar net nog 'n moordenaar geword soos ons oerfamilielid, Kaïn. Kom ons word soos ons oudste Broer en Vriend, Jesus. Kom ons maak die oortreder los van die oortreding. Kom ons veroordeel die daad en ons bid vir die siel van die persoon wat die oortreding begaan het.

Indien jy dit moeilik vind om hierdie tipe insidente te verwerk, het dit dalk tyd geword dat jy jou blootstelling aan hierdie insidente op die media verminder.

18 Maart

Die Hel

Hananeël: God is genadig.

Daar is een oortreding waarvoor daar 'n verskriklike straf is. Luister 'n bietjie wat God vir ons in Openbaring 22: 18 hiervan sê:

Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg (Dit wil sê by dit wat in die Bybel geskryf is), dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Vir hierdie een oortreding is God bereid, om die plaë waarvan in die Bybel geskryf word, oor die persoon wat oortree, te laat kom. Die straf sal, in hierdie lewe op hierdie aarde, op die persoon voltrek word, in die vorm van die plaë wat deur God vermeld word.

Kom ons gaan nou 'n bietjie verder en veronderstel dat 'n ongelowige persoon na sy dood in die hel vir sy sondes moet boet. Hoe sal dit in die hel wees?

Daar kan verwag word dat die persoon wat baie oortredings begaan en nie vergifnis vir sy sondes by Jesus ontvang nie, veel meer as net die plaë van die Bybel sal moet verduur. Ten minste sal die plaë waarvan geskryf word maar net 'n ligte aanduiding wees van wat die ongelowige in die hel sal moet verduur. Indien God bereid is om een oortreding op aarde met al die plaë van Egipte te

straf, kan die ongelowige ten minste hierdie plaie in die hel verwag. Dit is vir ons onmoontlik om die verskriklikheid van die hel vir ons voor te stel, maar kom ons probeer net, na aanleiding van onder andere die plaie van die Bybel, iets van die hel te begryp.

1. Jy sal in 'n plek wees waaruit jy nie sal kan ontsnap nie. Jy sal die ewigheid daar deurbring. Daar sal nooit weer genade vir jou wees nie. Jy sal tot in alle ewigheid daar boet vir jou sondes.
2. Jy sal kan sien hoe goed dit met die mense gaan wat by Jesus is. Maar daar sal geen kommunikasie met die mense by Jesus moontlik wees nie. So sal jy ook nie met jou geliefdes wat daar is, kontak kan maak nie.
3. Die plek waar jy sal wees kan iets soos 'n diep put wees.
4. Die persone saam met jou sal goeie en slegte mense insluit. Goeie mense, wat sonder Jesus se vergifnis, probeer het om hulle eie saligheid uit te werk, sal ook in die hel saam met jou wees. Meestal sal dit slegte mense wees wat saam met jou in die hel sal wees. Daar is geen rede om te vermoed dat hierdie mense anders sal wees, as wat hulle op aarde geleef het nie. Met ander woorde daar sal ook verkragtings, aanrandings, beserings, geskreeu, gevloek, geraas, skinder, pyn, moedeloosheid, depressie, angs, woede, tranes en aggressie wees. Daar sal egter nooit die salige verlossing van die dood wees nie. Nee, jy sal

vir ewig in hierdie toestand, saam met satan en ander huilende, skreeuende en kermende mense en demone wees.

5. Jy sal ontsettende brandpyn verduur. Dit sal voel of jy besig is om te verbrand. Daar sal egter nie 'n einde aan kom nie.
6. Daar sal ook, soos tydens die plaë van ouds, slange wees. Hulle sal sekerlik die mense pik en nog meer pyn veroorsaak.
7. Daar sal ook, soos van ouds net bloederigheid om jou wees sonder water. Die dors daar sal verskriklik wees en nooit ophou nie. Nooit sal daar die vooruitsig wees dat die ontsettende dors sal ophou nie.
8. Slymerige paddas sal orals wees; oor jou, in jou mond en waar jy vat. Satan en sy demone kon hierdie eerste drie plaë namaak, maar hulle sal in die hel nie die mag hê om dit te laat weggaan nie.
9. Die ongemak van muggies sal jou teister. Die muggies sal so baie wees dat hulle in jou ore, neusgate en oë sal inkruip.

19 Maart

Die Hel (2)

Hananja: Die Here was genadig.

Kom ons kyk verder na wat moontlik in die hel op 'n mens wag:

10. Steekvlieë sal brandende, ontstekende wonde veroorsaak. As gevolg van die steekvlieë sal koorssiektes algemeen wees. Hierdie koors sal die dors na water net verder vererger.
11. Daar sal nie diere in die hel wees nie. Dus kan jy verwag dat die pes wat diere geteister het nou op die mens sal neerkom.
12. Vanweë al hierdie teistering van die mens sal hy baie oop wonde hê. Hierdie wonde sal nie genees nie en soos die plaie van die Bybel in etterige swere ontaard.
13. Daar sal nie hael in die hel val nie. Geen genade van water in watter vorm ookal sal vir die mens lafenis verskaf nie. Dalk sal die mens tog die vrees vir die geweldige haelstene ervaar alhoewel die hael nooit die verligting van water en afkoeling sal bring nie.
14. Daar sal nie sprinkane wees nie, maar daar sal ook niks moois in die hel wees wat deur sprinkane verwoes kan word nie. Geen mooi plante, blomme, blou lug, bome, berge en rivierstrome nie. Nee, jy sal net die wande van die put van die hel sien. Soms, om jou leed te vergroot, sal

jy egter kan sien hoe goed dit met mense by Jesus gaan. Jy sal egter so deur jou eie pyn en smarte oorheers word dat jy min met ander mense te doen sal wil hê.

15. Geen helder opbeurende lig sal daar in die hel wees nie. Dit sal donker en swart wees. Tog sal jy dit, wat jou angs in stand hou, kan waarneem. Geen genadige uitblokking van iets wat jou pyn, lyding en angs kan verlig sal verskaf word nie.
16. Die pyn wat jy op aarde ervaar het toe jou geliefde gesterf het sal voortdurend by jou wees. Dit sal die hele tyd voel of jou geliefde oudste seun besig is om te sterf.
17. Die ergste van alles is dat jy vir ewig van God geskei sal wees.

Die hel is 'n verskriklike plek

Is dit wat jy vir jouself en jou geliefdes begeer?

Is dit waar jy die ewigheid wil deurbring?

Is dit waarna jy uitsien?

Is dit waarvoor jy nou hier op die aarde voorbereidings tref?

Enige oomblik kan die ewigheid van die hemel of die hel vir jou aanbreek. Ook nou binne die volgende 5 minute. **Is jy gereed?**

20 Maart

Die Here weet beter

Harhaja: Die Here is toornig.

Hiskia was koning van Juda. Hy was 'n uitsonderlik bekwame en Godvresende koning. In 2 Konings 18: 3 staan die volgende van Hiskia opgeteken: *Die Here was net so tevrede met sy optrede as wat Hy met koning Dawid was. Hiskia het:*

Die heidense heiligdomme verwoes;

Die klippilare omgegooi en verbreek;

Die Asjera-stompe uitmekaargeslaan;

Die bronslang wat Moses gemaak het, vernietig.

Vir 14 jaar het koning Hiskia bykans perfek geregeer. Hy het 'n onbesmette rekord gehad. Almal sou Hiskia onthou het as die die beste koning wat Israel ooit gehad het. Hy het nie eers die foute van koning Dawid begaan nie.

Alles was gereed vir die afsluiting van 'n perfekte lewe. Koning Hiskia het terminaal siek geword en was besig om te sterf. God stuur hierdie boodskap aan Hiskia deur die profeet Jesaja. 2 Konings 20: 1: *Ek (Jesaja) het vir jou (Koning Hiskia) 'n boodskap van die Here af. Hy sê jy moet jou sake in orde kry, want jy gaan nie weer gesond word nie.*

Hiskia was nie bereid om die Here se wil te aanvaar nie. Hy het voor die Here gehuil en tot die Here gebid om genesing en om sy lewe te spaar. Omdat die Here vir Hiskia jammer gekry het, het Hy besluit om Hiskia se gebed om genesing en die verlenging van sy lewe te verhoor. 2 Konings 20: 5: *Die Here die God van Dawid, sê Hy het na jou gebed geluister en gesien hoe jy gehuil het. Hy sê: Ek het besluit om jou gesond te maak. ---Ek sal jou nog 15 jaar laat lewe.*

Hierna eindig die voorbeeldige lewe van Hiskia. Hy word arrogant. Hy het afwyserig geword en het ander mense probeer beïndruk. God was nie meer tevrede met sy lewe nie. Hiskia het ook baie selfsugtig geword en het net vir homself begin omgee sonder om bekommerd te wees oor wat na hom sal gebeur. Hierdie gebeurtenisse is opgeteken in die res van Hoofstuk 20. Gedurende die verlengde lewe van Hiskia het hy ook die vader van Menassa geword, drie jaar nadat hy van sy terminale siekte herstel het.

Indien Hiskia gesterf het tydens sy terminale siekte sou Menassa nooit verwek gewees het nie. Hiskia sou ook nie al die verkeerde dinge gedoen het waarmee hy betrokke geraak het, na sy siekte nie.

Menassa het sy vader opgevolg en hy het die volgende gedoen in Juda (2 Konings 21:6):

Die heidense heiligdomme wat sy pa Hiskia verwoes het, weer gebou;

altare vir die god Baäl gebou;

Asjera-stompe gemaak, net soos Agab, Israel se koning voorheen gedoen het;

die hemelgode vereer;

selfs binne- in die Here se tempel altare vir ander gode gebou (dit is die plek

waarvan die Here gepraat het toe Hy gesê het: Ek vestig my Naam in Jerusalem);

in albei portale van die tempel altare vir die hemelgode gebou;

sy seun in die vuur geoffer;

goëlary, waarsêery en towerkunste beoefen;

die toekoms voorspel deur geeste op te roep.

Ek wonder of Hiskia, indien hy van al hierdie dinge wat in sy verlengde lewe sou gebeur, geweet het, hy nog vir God sou gevra het om hom te genees en sy lewe te verleng.

Hoe sal ons weet wanneer ons bid vir genesing en verlengde lewens of God nie dalk veel beter weet nie? Moet ons nie maar heel eerste vra dat God se wil moet plaasvind nie?

21 Maart

Die Hewiete

Hasabja: Die Here bemin.

In Josua 9 kry ons die verhaal van die Gibeoniete. Die groep mense het in die land Kanaän, die Beloofde Land, gebly. Hier was die Israeliete besig om in te trek. Omdat die Gibeoniete vir hulle lewens gevrees het, het hulle 'n slim plan gemaak om die Israeliete te bedrieg. Hulle het hulleself voorgedoen as besoekers, vanuit 'n ver land, wat 'n ooreenkoms met die Israeliete kom sluit sodat die Israeliete hulle nie sal aanval en uitwis nie. Hier begaan Josua sy eerste groot fout. Hy raadpleeg nie die Here nie en vertrou op sy eie oordeel. Die Gibeoniete slaag daarin om die Israeliete te bedrieg en 'n ooreenkoms word aangegaan. Daar word ooreengekom dat die Gibeoniete vir altyd die Israeliete se slawe sal wees. Hulle sou ook die laagste vorm van slawe-arbeid verrig naamlik die van houtkappers en waterdraers.

'n Mens sou kon wonder oor wie hierdie uitgeslape, skelm nasie, die Hewiete, nou eintlik is.

In Genesis 10:17 word die Hewiete aangedui as die afstammeling van Kanaän. Kanaän was die seun van Gam, die seun van Noag. Kanaän is vanweë sy vader se oneerbiedige gedrag teenoor Noag vervloek. Interessant is dit dat Noag se

vervloeking van Gam se nageslag uitdruklik sê dat hulle die slawe sal wees van Gam se broers. Gen. 9: 25: *Vervloek is Kanaän! 'n Nikswerd slaaf sal hy wees.* Gam se een broer was Sem uit wie die Hebreërs ontstaan het. Noag se vervloeking van Gam se nageslag, naamlik dat hulle slawe van hulle broers sal wees, kom hier in hierdie gedeelte in Josua 9 tot letterlike voltrekking.

Gedurende Dawid se tyd het die Hewiete in die noorde nog hulle eie stede gehad (2 Sam. 24: 7). Hulle vervloeking tot slawe-arbeid kon egter nie ontkom word nie en ons sien dat hulle in Salomo se tyd verplig word om slawe-arbeid te doen (Kon.9:20).

Die Hewiete was deel van God se groter plan met Israel. Ons sien dat God volgens Sy belofte, die Beloofde Land, skoonmaak van die heidennasies en so vir Sy volk 'n blyplek skep. Daar bly egter hier en daar sekere groepies heidennasies oor wat gespaar is. Indien 'n mens kyk na die deeglikheid waarmee die meeste heidennasies uitgewis word, mans, vrouens, kinders en selfs vee, dan wonder 'n mens waarom God tog sekere groepies gespaar het, waaronder die Hewiete. In Rigters 3:1 kry 'n mens 'n antwoord op hierdie vraag: *Die Here het hierdie nasies met rus gelaat om die Israëliete met hulle op die proef te stel, die Israëliete wat nie ondervinding gehad het van al die oorloë teen die Kanaäniete nie. Die Here wou hierdie Israëliete leer hoe om oorlog te maak, hulle wat dit nie voorheen ondervind het nie*

Die tragiese deel van die verhaal van die Hewiete is dat hierdie slawevolke in 'n sekere mate toe tog die oorhand oor Israel behaal het. Kyk wat was die uiteindelige gevolg van die Hewiete se teenwoordigheid onder die Israëliete:

Rigters 3:6 : *Die Israëliete het met die dogters van hierdie nasies getrou (waaronder die Hewiete) en hulle dogters met hierdie nasies se seuns laat trou. Die Israëliete het hierdie nasies se gode gedien. Die Israëliete het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Hulle het die Here hulle God vergeet en die Baäls en die gewyde pale gedien.*

God het 'n sekere plan vir Israel gehad maar alles kon so anders vir Israel en die Hewiete uitgewerk het indien Josua nie daardie een groot fout begaan het nie: *Die Israëliete het na die padkos gekyk maar nie die Here geraadpleeg nie* (Josua 9: 14).

Kan ons iets uit die geskiedenis van die Hewiete leer?

22 Maart

Die *HOE* van Heilige Geesvervulling

Hasadia: die Here het bemin.

Wat jy moet doen

Selfs die mens wat tot bekering gekom het en sy lewe aan die Here oorgegee het, is dikwels nog vol van homself. Sy eie belange en eie begeertes dryf hom nog steeds aan. Hy soek sy eie belang en wil self iemand en iets wees. Hierdie behoefte om na die self om te sien is die sterkste dryfveer wat daar in die mens na sy sondeval, oorgebly het. Hy moes ten alle koste sy eie god wees. Die self en selfsug is die belangrikste struikelblok wat oorkom moes word, indien die mens Geesvervuld wou wees. Indien die selfverloëning, waarna Jesus as voorwaarde vir dissipelskap verwys het, nie in die mens plaasvind nie, is die mens net vol van homself. Daar is net nie ruimte vir die Heilige Gees in so 'n mens se lewe nie. (Rom. 7: 13-1983 vert.) Om ruimte te skep vir die Heilige Gees, moet jy *jouself verloën, jou kruis van selfverloëning elke dag opneem en Jesus gehoorsaam volg.* (Mat. 16:24 Boodskap)

Indien dit vir die mens so moeilik is om homself te verloën en te kruisig, hoe gaan dit dan plaasvind? Dit bring ons by die kern van selfverloëning naamlik dat die mens dit nie self kan doen nie. Ook op hierdie punt moet die mens homself

verloën en sy onmag voor God erken. Alleen in totale oorgawe, waar hy in totale onvermoë sy swakheid voor God erken, voor Hom op sy aangesig gaan lê, oorgee, niks word, eie krag en geleerdheid en eie bekwaamheid en eie wil oorgee, toelaat dat Hy in jou die selfverloëning voltrek, kan dit plaasvind. **Jy kan nie.** Jy kan net toelaat dat Hy dit doen.

Dit bring ons nou by die sleutelwoord van Geesvervulling naamlik *toelaat*. In Gal. 5:16 (Boodskap) staan: *Julle moet julle lewe deur die Heilige Gees laat beheer. Laat Hy aan die stuur staan van alles wat julle dink en doen.* In vers 25 staan: *Daarom moet ons toelaat dat Hy elke dag ons lewe bestuur.* Wat beteken *toelaat* dan? (Rom. 8: 5,13 en 14- Boodskap vertaling)

Toelaat, in Engels "Let" beteken: *allow, enable, grant use of, open the door to or for.* En in Afrikaans: *Binnelaat, toegang verleen, vergun, veroorloof, toestaan.*

Toelaat hier beteken dan om Hom die Heilige Gees toe te laat om in te kom in jou lewe.

Om toe te laat vereis 'n houdingsgesteldheid. My houding moet een van **afhanklikheid** wees (*Ek kan nie sonder U klaarkom nie*), van **bereidheid**, (*Ek maak my lewensdeur vir U oop*), van **gewilligheid** (*Kom in maak soos U goeddink*), van **gasvryheid**, (*Alles hier binne is vir U gebruik en U gerief*), van **gehoorsaamheid**, (*U het gesê ek moet oopmaak en nou doen ek dit*), van **vertroue** (*Ek weet U bedoel dit goed met my en ek vertrou u daarvoor*).

Om *toe te laat* vereis **aktiewe besluitneming**. Dit moet bowenal gebeur wanneer jy absoluut gereed is daarvoor; wanneer daar 'n honger in jou siel na die vervulling met die Heilige Gees is.

Die belangrikste is dat jy moet glo dat God jou hoor en dat Hy vir jou gee wat jy vra. Jy het die Heilige Gees nou in jou. Weet dit nou. Leef in voortdurende vreugdevolle vertrou en laat Hom die vrug dra wat Hy wil.

23 Maart

Hoe om nie met die Heilige Gees vervul te word nie.

Hasdel: *God het gesien.*

Die vraag ontstaan nou ook oor wat jy moet versuim, moet los, indien jy vervul wil word met die Heilige Gees?

Die taboes vir die vervulling met die Heilige Gees.

Moenie self probeer nie. Hierdie is 'n oorgaweding, 'n ding wat moet toegelaat word om te gebeur. Dit is 'n geloofsdaad, 'n *Let Go, Let God*, ding.

Moenie ander persone se tydskale gebruik nie. Wag totdat Hy die honger in jou siel werk vir Sy vervulling, elke dag.

Moenie volhard in '**n lewenstyl wat God uitsluit** en vir satan ruimte laat nie. (Rom. 7: 12 tot 14. - 1983 vert.) Indien jy volhard om die meeste van jou tyd aan, byvoorbeeld televisie, te bestee en min tyd met God deurbring, kan daar nie Heilige Geesvervulling plaasvind nie.

In die stryd tussen die Gees en die vlees, gaan dit soos met die stryd tussen die wit en die swart hond; **die een wat die meeste kos kry gaan wen.** Oppas dus om die vleeslike hond kos te gee en dan te verwag dat die Gees in jou moet groei.

Moet nooit vergeet dat om Jesus te volg, beteken dat jy jouself moet verloën nie, dat jy dit nie self kan doen nie en dat jy Jesus daarvoor **moet vertrou en Hom moet toelaat** om dit te doen

24 Maart

Die ideale mens

Hiël: God leef.

‘n Algemene gedagte, in vandag se tyd, is dat die ideale mens soos volg sal lyk: *Die persoon sal ryk wees. Hy of sy sal goeie kwalifikasies besit en hoogs intelligent wees. Die persoon sal ‘n wye vriendekring hê en baie populêr wees. Hy of sy sal baie sosiaal wees en gereeld feestelik onthaal. Hierdie persoon sal wel berese wees. Die persoon sal baie selfvertroue uitstraal en van niemand afhanklik wees nie. Hierdie persoon sal al die statussimbole besit soos luukse motors, ‘n groot huis in die regte buurt, ‘n strandhuis en somer ‘n wildsplasie ook. Die persoon se kinders sal ekstensiteite van hom of haarself wees en al hierdie dinge van die ideale persoon beliggaam en uitdra.*

Soos ‘n pendulum deurswaai, vanaf hierdie ideale persoon (volgens moderne tyd se standaarde), sal aan die ander punt van die pendulum dalk ‘n nie so ideale persoon wees nie. Afhangende vanuit watter perspektief na die persoon gekyk word. Indien vanuit die moderne sekulêre wêreld se standpunt gekyk word sal die nie-ideale persoon dalk soos volg daar uitsien:

Arm. Min kwalifikasies, nie geleerd nie, onbelangrik, onberese en het dalk net in sy omgewing gereis. Hy of sy sal selde onthaal omdat die persoon beswaarlik

genoeg vir hom of haarself het. Hierdie persoon sal nie die self voorop stel en altyd oor die self en die self se beeld bekommerd wees nie. Dikwels sal die persoon afhanklik wees van ander. Die persoon sal beslis nie statussimbole besit nie. Die persoon sal heel moontlik nie eers 'n woning van sy eie hê nie.

Hierdie nie-ideale persoon, volgens menslike standaarde, sal soos Jesus lyk, tydens sy bestaan op die aarde.

Iewers op die swaai van die pendulum tussen ideaal en nie-ideaal, volgens menslike standaarde, bevind ek en jy, ons.

Kom ons kyk nou vanuit God se perspektief na die ideale mens.

Om die ideale mens volgens God se standaarde te definieer is dit nodig om te kyk na die rede waarom God die mens geskape het. Die mens is vir God gemaak, nie vir homself nie. God moet deur die mens verheerlik word. Hy is daar om God se Koninkryk uit te bou en daarin te dien. Verder moet hy God se wil, en nie sy eie wil nie, uitvoer (Mat. 6:9).

Die eerste ding wat moet gebeur wanneer die mens na die status van die ideale mens, volgens God se standaarde beweeg, is dat die mens van homself en sy selfgerigtheid ontslae moet raak. Daar moet dus 'n proses van selfverloëning by die mens begin. Namate sy eie beeld dowwer word begin daar hoop vir die mens kom. So halfpad deur die swaai van die pendulum sal die mens in sy beweging na God se ideale mens toe, al sy glans verloor. Indien die pendulum nog 'n bietjie

verder deurswaai sal die mens 'n bietjie van God se glans begin weerkaats. Indien die mens nog nader aan die Godgegewe ideale mens beweeg, sal hy al meer van God se glans en lig begin weerkaats. Hy sal soveel van God begin weerkaats dat jy die mens later nie eers Meer sal kan sien nie. Dan begin die mens God se ligdraer word. Die pendulum wat heeltemal deurswaai na God se ideale mens toe sal 'n mens openbaar waarin niks meer van die self teenwoordig is nie. Hierdie mens sal so naby aan God leef dat hy nie net God se lig sal weerkaats nie maar dat God se lig binne in die mens sal inkom. So 'n mens sal nie meer selfvertroue uitstraal nie. Nee, hierdie ideale mens sal net God, Sy lig, Sy lewe, Sy goedheid, Sy liefde en Sy genade uitstraal.

Hoe ideaal is jou lewe?

25 Maart

Die hoe van selfverloëning (1)

Hilkia: Die Here is my deel.

Ons weet dat die kern van ons verhouding met Jesus in ons eie selfverloëning opgesluit is. Hy leer ons so duidelik en helder in Mat. 10 dat ons onself moet verloën en ons kruis van selfverloëning moet dra indien ons agter Hom aan wil kom. Andrew Murray stel ons probleem in *Ontdek die Geestelike Lewe*, bladsy 83, soos volg: *----geloof is alles. Dit is omdat God alles is. Dit is omdat die mens niks is nie en daar ook niks goeds in hom is nie, behalwe die vermoë om God te ontvang.* Slegs wanneer ons by die punt van totale selfverloëning gekom het, kan ons die volheidslewe van Sy Gees begin lewe. Alleen dan is daar genoeg ruimte binne onself om Hom te kan ontvang. Telkens kom so baie mense op hierdie punt. Hulle weet wat om te doen maar hulle weet nie hoe om dit te doen nie. Hoe kan ek myself verloën as alles binne-in my geprogrammeer is tot selfbehoud en selfhandhawing? Indien jy op hierdie punt kan kom is dit 'n goeie punt waarvandaan 'n mens kan begin om selfverloëning te begin toepas. Selfverloëning kan alleen begin op die punt waar die eie onvermoë om dit te doen erken en aanvaar word. Nou kan die mens begin om sy onvermoë voor God te bely en te aanvaar. In wese is dit reeds selfverloëning. Nou raak die mens aangewese op Kragte buite homself om dinge te doen waartoe hy nie self instaat

is nie. Geloof in God en wat Hy deur Sy Seun en Gees kan doen word nou vrygestel.

Sekere sleutelwoorde en begrippe word in die Bybel vir ons ten opsigte van die proses van selfverloëning aangedui. Baie van hierdie begrippe is veral in Gal. 5 te vinde. Van hierdie woorde en begrippe is die volgende:

1. **Oorgawe.** *Om te kan oorgee is soos in 'n stoeigeveg waar die een die ander in 'n greep vasklem en die slagoffer in pyn uitroep: Ek gee oor! Die Amplified Bible vertaal oorgawe met Submit wat weer beteken: Accept without resistance en om te Yield. Dink in hierdie verband aan 'n toegeteken (Yield sign). Jy kom op 'n punt op jou lewenspad waar jy moet besluit of jy jouself gaan handhaaf en gaan ry en of jy volgens die padverkeersteken gaan optree en gaan toegee aan die ander persoon en hom gaan toelaat om te ry. Jy moet met ander woorde bereid wees om gehoorsaam te wees aan die reëls van die pad. So moet ons ook wanneer ons oorgee aan God, bereid wees om die reëls van God vir ons lewenspad te eerbiedig, te aanvaar en ons daaraan te onderwerp. As Hy sê ons moet onself oorgee, dan moet ons, ons aan Hom onderwerp en doen soos Hy sê.*
2. **Onderwerp** is nog een van daardie woorde. Dit is baie dieselfde as om oor te gee. Dit is net nog 'n bietjie sterker. Onder te werp of onder te gooi is amper soos 'n mens wat probeer selfmoord pleeg deur homself

onder 'n trein of motor in te gooi. So moet ek myself onderwerp aan Jesus en wat Hy met my lewe wil doen.

3. *Seker van die belangrikste woorde in die Bybel is om **Toe te laat**.*

Gal. 5: 25: Die Heilige Gees het ons splinternuut gemaak. Daarom moet ons toelaat dat Hy elke dag ons lewens bestuur. Laat jy ander toe om iets te doen, laat jy toe dat iets gebeur, laat jy toe dat iemand iets van jou leen of iets van jou sê? Die begrip om toe te laat is maklik om te verstaan en om toe te pas. Jy kan indien jy in God, Jesus en die Heilige Gees glo, dus maklik toelaat dat gebeur wat Hy, die Vader, die Seun en Heilige Gees beloof het Hulle sal doen. Wanneer Jesus ons beloof dat Hy Sy Heilige Gees aan die sal gee wat Hom daarvoor vra, is dit maklik om Hom toe te laat om presies dit te doen.

Die Hoe van Selfverloëning (2)

Hiskia: Jahwe maak sterk.

3. Nog 'n aspek van selfverloëning word in die belangrike woord **bestuur** gevind. Jy kan toelaat en oorgee aan Hom, die Heilige Gees om jou lewe te bestuur. Dink aan 'n man wat baie siek is. Normaalweg sou hy sy eie motor bestuur het. In sy siekte en swakheid moet sy vrou die motor bestuur. Hy sal net agteroorleun in die sitplek en gelate aanvaar dat sy vrou die regte dinge sal doen. Hy sal nie soos gewoonlik krities alles beoordeel wat sy doen nie. Hy het die bestuur oorgegee aan haar, en hy vertrou haar om te doen en te besluit soos sy goeddink. Indien ons dit tog net met ons geesteslebens kon regkry, en ons lewensmotors op die lewenspad maar net in Sy bekwame bestuurshande kon laat. Soms is dit dan ook nodig dat ons diep afhanklik gemaak word, soos die siek man, sodat ons, ons lot in Sy hande kan oorgee.
4. Die volgende woord wat in hierdie verband belangrik is, is die woordjie **Gee**. Andrew Murray skryf in sy genoemde boekie op bladsy 81 die volgende: Laat alles staan, verkoop alles en verlaat alles—dit was die vereiste wat die Here gestel het toe Hy hier op die aarde was. Daardie vereiste geld nog steeds. Die belangrikste hindernis in die Christelike

lewe is dat mense nie vir Christus alles **gee** nie, omdat hulle nie glo dat

Hy alles is nie.

Alles moet vir Hom **gegee** word, omdat alles onder die mag van die sonde staan. Hy kan nie iets skoonmaak en onderhou as dit nie op so 'n manier vir Hom **gegee** word, dat Hy dit ten volle in besit kan neem en dit volkome kan vul nie. Ons moet alles vir Hom **gee**. Selfs dinge wat nuttig of goed lyk, word besoedel as ons in selfsug daaraan vasklou of dit net vir ons eie plesier gebruik. Ons moet dit vir Christus **gee**, want slegs daar kan dit heilig gemaak word.

Kom gee dan so jou sondes oor aan Hom, gee jouself oor aan Hom, gee alles wat jy besit oor aan Hom. Indien jy iets in jou lewe nie vir Christus kan gee om dit te vul en te heilig nie, moet jy lievers daarsonder probeer klaarkom.

5. So is daar nog heelwat begrippe wat in die proses van selfverloëning oordink kan word byvoorbeeld: **Laat gaan, Leun op Hom, Wag op Hom, Vertrou Hom, Laat Hom jou lei, en liefde wat toegepaste selfverloëning is.**

'n Gebed vir selfverloëning kan dan soos volg lyk:

Here, U weet alles. U weet dat ek myself nie kan verloën nie. Help my asseblief in hierdie groot ding. Sal U my tot op die punt bring waar ek my nederig aan U en U wil vir my lewe sal onderwerp. Here ek gee oor, ek kan nie meer nie.

U weet hoe ek moeg langs die lewensrenbaan sit. Here ek het uitgeval. Sal U my ophelp en my oor die wenstreep van die lewe dra. Ek laat U nou toe om my lewe te beheer en te bestuur net soos U wil. Lei my Here waarheen en in watter rigting U wil. Ek laat alles in U bekwame hande, Here. Ek wag op U. Ek vertrou U. Here ek onderwerp my aan U en U wil. Help my hierin asseblief.

Amen! Amen! Amen!

27 Maart

Die Juk

Hodawja: Loof die Here.

(Om hierdie gedeelte te kan verstaan is dit nodig dat jy moet weet wat 'n juk is)

Jesus sê: Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal vir julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig (Matt. 11: 29 en 30)

Maak in jou gedagtes 'n prentjie van 'n lang skraal persoon wat teen 'n bult op loop. Jy sien net die persoon se silhoeët. Op sy skouers dra hy 'n juk en sy arms is uitgestrek met sy hande wat die punte van die juk vashou. Soos wat lyk dit wanneer jy die silhoeët dophou? Lyk dit nie soos 'n kruis nie? Hierdie beeld van die mens met God se juk op sy skouers wat teen 'n steil bult uitloop is tekenend van die Christen se bestaan in hierdie lewe. Ons is op 'n nou steil paadjie na God se Koninkryk toe oppad. Ons dra die kruis van selfverloëning op ons skouers. Ons kan nooit sonder hierdie kruis wees nie. Die oomblik wat ons onder die juk van selfverloëning uit beweeg, wanneer ons dit neersit, neem ons die juk van die eie ek op, en word die lewe selfgerig, sonder God in beheer van die lewe.

Die juk van die selflewe en selfbeheer is hard, swaar en vol splinters. Wanneer die self in beheer van die lewe is, is die lewe vol frustrasie. Frustrasie kom onder andere uit skuldgevoelens, gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid, 'n onvermoë om te vergewe, ervarings van verwerping en 'n selfgerigte identiteit. Frustrasie kan weer tot aggressie lei. Indien die aggressie na binne gekanaliseer word lei dit weer tot gevoelens van depressie wat maar net aggressie teen die self is.

Hierteenoor is Jesus se juk sag en lig. Hy sal nooit 'n swaarder juk op jou plaas as die een wat jy kan dra nie. Sy juk word met liefde op jou geplaas. Hy het jou gemaak en Hy weet wat jy nodig het en wat jy kan dra. Hy weet dat wanneer die juk van self swaar druk, daar net moeilikheid vir Sy kind wag. Daarom wil Hy jou beheer, bestuur en lei met Sy sagte juk. Hy wil in liefde Sy hand op jou lewe plaas en Sy sagte juk, van liefde, gebruik om jou te stuur en te beheer. Soms sal Hy selfs hierdie juk gebruik om voor jou uit te gaan en jou te lei (soos 'n touleier).

Laat ons die juk van selfbeheer afgooi en laat ons met gewilligheid Hom toelaat, om die juk van selfverloëning en Godsbeheer, op ons te plaas.

28 Maart

Die Kruischristen

Hodia: My roem is die Here.

Indien jy 'n Kruischristen is, (iemand wat Christus se juk dra) sal jy met die onderstaande kan identifiseer.

1. Die Kruischristen **leef nie meer** nie. Christus leef in en deur hom.
2. Die Kruischristen se taal en woorde spreek van **oorgawe**. Wanneer hy praat kan jy hoor dat dit Christus is wat deur hom praat. Hy sal byvoorbeeld nie sê: *Jesus het my gehelp en my sterk gemaak om so en so te doen nie*. Hy sal byvoorbeeld eerder iets sê soos: *Die Here het dit en dat deur my gedoen of Hy het my daarvoor gebruik of al die eer kom Hom toe. Dit was alles net deur Sy genade*.
3. Die Kruischristen weet hy is **gered**. Die volgende versies in 1 Johannes 5: 10 tot 13 is sy anker: *Hierdie dinge skryf ek aan julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het*.
4. Die Kruischristen is nie **volmaak heilig** nie. Hy lê, deur die werking van die Heilige Gees, elke dag opnuut die selflewe af en aanvaar Christus se lewe in hom. Die selflewe skep egter tog nog gereeld probleme in sy lewe. Hy het 'n stryd teen die self wat graag weer die

middelpunt van sy bestaan wil wees. Dit bly 'n voortdurende stryd aangesien satan nie maklik opgee op 'n gelowige se lewe nie.

5. Die Kruischristen wil spontaan sonder enige dwang graag in die **teenwoordigheid van Christus** wees. Hy het 'n behoefte om in Christus se teenwoordigheid te kom. Hy doen dit omdat hy dit graag wil doen en nie omdat hy moet, of omdat dit 'n gewoonte is nie.
6. Dit is vir die Kruischristen aangenaam om in **God se teenwoordigheid** te wees. Daarom sal hy dit nie vreemd vind om enige tyd en enige plek God se Woord te lees, of dit te oordink nie.
7. Die Kruischristen sal graag met **God wil praat**. Hy sal nie net in die môre en in die aand met God wil praat nie. Soos met 'n geliefde, sal hy sommer deur die dag ook met God wil praat.
8. Die Kruischristen **sien God raak** in bykans alles waarmee hy deur die dag te doen het.
9. Omdat God **tydloos en ewig** is ervaar die Kruischristen iets hiervan in sy stiltetyd. Dikwels is die tyd tot sy beskikking om in God se teenwoordigheid deur te bring, net te min.
10. Die **vrug** van die Heilige Gees in die Kruischristen se lewe word spontaan meer soos hy op die pad van heiligmaking vorder. Dit is nie asof hy probeer om geestelike vrug te dra nie. Die vrug word net meer en meer deel van sy lewe soos die Heilige Gees hom lei, beheer en bestuur.

29 Maart

Die Kruischristen (2)

Hosaja: Die Here het gered.

11. Die Kruischristen se **gewete** raak almeer opgeskerp. Hy raak meer en meer bewus van onreg. Mense se lot raak hom almeer. Hy sien sy eie foute makliker raak. Hy raak bewus van hoe noodsaaklik dit is om sy medemens daaglik, vir klein onreggies, te vergewe. Hy verwag al minder van ander, om te doen, wat hy nie self bereid is om te doen nie.
12. Om te **vergewe** word vir die Kruischristen al minder pynlik en makliker.
13. Die Kruischristen het **vrede** binne-in hom. Wanneer hy sy vrede verloor, veral wanneer die self weer in die middelpunt van sy bestaan inkom, is dit vir hom baie sleg en kan hy nie rus voordat hy weer die vrede van Christus as middelpunt van sy bestaan ervaar nie.
14. Die Kruischristen **verlang** na God.
15. Die Kruischristen kan spontaan vir God sê dat hy **lief is** vir God.
16. Die Kruischristen se lewe word al hoe meer **spontaan en opreg**, gereël deur DIE Mag buite homself.
17. Die dwang van 'n selfprobeergodsdiens word by die Kruischristen vervang met vertroue in **Jesus**.

18. Die Kruischristen is oop vir die leiding van die **Heilige Gees** en vormgodsdienst word toenemend onaanvaarbaar.
19. Die Kruischristen leer om die sagte influistering van die **Heilige Gees** te hoor en te gehoorsaam. Hy twyfel nie dat dit die Heilige Gees is wat met hom praat nie. Daar is dan ook 'n gewilligheid om die stem van die Heilige Gees te gehoorsaam.
20. Die **Heilige Gees** spreek vir die Kruischristen net hard genoeg om hoorbaar te wees maar ook net sag genoeg dat die Kruischristen moet glo. Die Heilige Gees sal die Kruischristen nooit probeer forseer nie.
21. Die **Heilige Gees** openbaar aan die Kruischristen Goddelike waarhede.
22. Die stem van die **Heilige Gees** kan ook in die lewe van die Kruischristen dof word wanneer hy ongelowig, lui en selfgesentreerd raak.

Hierdie lys is uniek vir elke Kruischristen en sal individueel aangevul of ingekrimp kan word met persoonlike ervarings en insigte.

30 Maart

Die lyding van Jeshua

Hofir: *God het bevoorreg.*

Markus 14:33 (Amplified)

And He took with Him Peter and James and John and began to be struck with terror and amazement and deeply troubled and depressed.

34:

And He said to them, my soul is exceedingly sad (overwhelmed with grief) so that it almost kills Me!

36:

And He was saying, Abba, (which means) Father, everything is possible for You. Take away this cup from Me; yet not what I will, but what You will.

37:

Have you not the strength to keep awake and watch with Me for one hour?

41:

The Son of man is betrayed into the hands of sinful men (men whose nature is to act in opposition to God).

44:

Now the betrayer had given them a signal, saying, The one I shall kiss is the Man; seize Him and lead Him away safely (so as to prevent His escape)

50:

Then His disciples forsaking Him, fled, all (of them).

54:

And Peter followed Him at a distance.

56:

For many were repeatedly bearing false witness against Him, but their testimonies did not agree.

64:

High Priest: You have heard His blasphemy. What is your decision? And they all condemned Him as being guilty and deserving of death.

65:

And some of them began to spit on Him and to blindfold Him and to strike Him with their fists, saying to Him, Prophecy! And the guards received Him with blows and by slapping Him.

72:

And Peter remembered how Jesus said to him , Before the cock crows twice, you will utterly deny Me (disclaiming all connection with Me) three times.

Markus 15: 1

And when they had bound Jesus, they took Him away (violently) and handed Him over to Pilate.

13:

And they all shouted back again, Crucify Him!

15:

So Pilate, wishing to satisfy the crowd, set Barabbas free for them; and after having Jesus whipped, he handed Him over to be crucified.

17:

And they dressed Him in a purple robe, and, weaving together a crown of thorns, they placed it on Him.

19:

And they struck His head with a staff made of a bamboo-like reed and spat on Him and kept bowing their knees in homage to Him.

24.

And they crucified Him; and divided His garments and distributed them among themselves, throwing lots for them to decide who should take what.

29:

And those who passed by kept reviling Him and reproaching Him abusively in harsh and insolent language, wagging their heads and saying, Aha! You who would destroy the temple and built it up in three days.

32:

Those who were crucified with Him also reviled and reproached Him (speaking abusively, harshly and insolently).

34:

And in the ninth hour Jesus cried with a loud voice, Eloi, Eloi, lama sabachtani? – which means, My God, My God, why have You forsaken Me (deserting Me and leaving Me Helpless and abandoned).

37:

And Jesus uttered a loud cry, and breathed out His life

31 Maart

Die plan agter alles

Immanuel: God met ons.

Die interessante verhaal van Simson word vir ons opgeteken in Rigters 13 tot 16. Hierdie verhaal is 'n pragtige voorbeeld van hoe God Sy plan, deur menslike lotgevalle laat ontplooi. In Rigters 14 vers 13 staan die volgende opgeteken ten opsigte van Simson se onhanteerbare behoefte aan die volksvreemde vrou:

Simson het vir sy pa gesê: "Kry haar vir my. Ek wil haar hê." Sy ouers het nie agtergekom dat dit eintlik van die Here af gekom het nie. ---God het na 'n geleentheid gesoek om iets aan die Filistyne te doen.

So speel hierdie mooi, maar tragiese, verhaal af binne God se groot beplanning vir wraak op die Filistyne, vir wat hulle aan Sy volk, Israel, gedoen het. Dieselfde groot beplanning agter die mens se wel en wee word gevind in die verhaal van Josef (Gen. 50: 20), die offer van Isak deur Abraham (Gen. 22), die lang swerftog van Israel van 40 jaar in die woestyn (Eksodus), die bedrog van Jakob om die eersgeboortereg te bekom (Gen. 27), Moses se 40 jaar in die woestyn agter die skape (Eksodus 2), Koningin Ester se verhaal en Naomi en Rut se geskiedenis.

Daar nog vele voorbeelde van hoe God Sy plan deur die mens se wel en wee laat ontvou.

Moontlik is daar ook in jou lewe, gelowige mens, dinge wat gebeur wat jy nie altyd kan verstaan en kan verklaar nie. Moenie bekommerd wees nie, weet net: *Dit is God wat alles ten goede laat meewerk vir die wat vir Hom lief is (Rom.8:28)*. Eendag sal jy God se plan met jou lewe verstaan, en sal jy weet waarom jy soveel moes gely het, soveel trane moes gestort het, of soveel seën ontvang het.

1 April

Die Oudste Seun (1)

I.(esus):

In Lukas 15 en 16 het ons 'n gedeelte in die Bybel, wat op 'n baie besondere manier tot mense wat in die een-en-twintigste eeu lewe, spreek.

In die eerste versies van hierdie gedeelte in daar 'n konfrontasie tussen Jesus aan die eenkant en die skrifgeleerdes en die Fariseërs aan die anderkant. Die skrifgeleerdes en die Fariseërs is erg onthuts oor Jesus se benadering van die sondaars. Hulle het dit daarteen dat Hy met hierdie mense meng, saam met hulle eet en hulle so genadig behandel. Jesus verduidelik die hele situasie aan die mense en veral aan die skrifgeleerdes en Fariseërs, deur drie verhale aan hulle voor te hou.

Die eerste verhaal gaan oor die skaapwagter wat een van sy skape verloor het, die 99 ander skape los en die een verlore skaap gaan soek. Dan gaan dit oor die blydskap oor hierdie skaap wat gevind word. Om seker te maak die skrifgeleerdes besef die erns van wat Hy besig is om te sê, vertel Jesus nog 'n verhaal:

Nou gaan dit oor 'n vrou wat een van haar tien muntstukke verloor het. Daar is besondere moeite gedoen om die muntstuk te vind, en weer is daar groot blydskap. Nou oor die muntstuk wat gevind is. Die Here het geweet dat die

skrifgeleerdes en Fariseërs dalk nog steeds nie verstaan nie en daarom vertel Hy 'n derde gelykenis:

Nou word dit 'n omvattende verhaal wat dieper sny as net bloot die teregwysing van die skrifgeleerdes en die Fariseërs. Die baie bekende verhaal van die vader met sy twee seuns, volg. Die jongste seun vra sy vader vir sy erfposie, hy gaan verkwis dit deur losbandig te lewe, hy kry berou en kom terug na die vader toe met 'n belydenis dat hy verkeerd gedoen het. Sy vader hardloop hom tegemoet, omhels hom, trek vir hom klere aan, gee vir hom 'n ring, nooi hom in, slag die vetgemaakte kalf en vier fees saam met sy seun omdat hy hom vergewe het.

In hierdie verhaal dui die jongste seun dan op die sondaars, die mense vir wie Jesus besondere deernis openbaar. Dit is die mense teen wie die skrifgeleerdes en Fariseërs so erg by Jesus beswaar aangeteken het.

Die kern, die belangrikste van die gelykenis kom in die tweede gedeelte van die storie, wanneer die verhaal oor die oudste seun begin handel. Hierdie oudste seun dui onder andere op die skrifgeleerdes en die Fariseërs. Hierdie oudste seun was in die veld, nie in die pa se huis nie. Hy wou nie ingaan in sy vader se huis nie omdat sy broer daar was. Hy het nie die vrymoedigheid om sy vader in die huis te gaan spreek nie, maar vra 'n bediende buite wat aan die gang is. Hy word kwaad omdat sy pa sy broer vergewe en aanvaar het. Hy is kwaad vir sy pa en verwyt sy pa. Hy stel nie belang in 'n feesmaal saam met sy vader nie maar sou eerder graag saam met sy vriende wou feesvier. Nieteenstaande sy vader se

dringende pleit dat hy moet inkom, verkies hy om buite te bly. Hy is moralisties, onvergewensgesind, hard, liefdeloos, egosentries, wetties sonder genade en liefde. Jesus wou gehad het dat die skrifgeleerdes en Fariseërs hulle in hierdie oudste broer moes herken. Dalk is dit die rede waarom hulle so kwaad geword het vir Jesus en so eintlik die rol van die oudste seun net nog verder uitgeleef het.

Wat sê hierdie verhaal vir ons vandag?

In die *Joy* tydskrif van Maart 2010 op bladsy 70 skryf Tim Keller die volgende:

If our churches aren't appealing to younger brothers, they must be more full of elder brothers than we'd like to think.

2 April

Die oudste seun (2)

N.azorenius): Die Nasarener

Volgens Tim Keller neig ons om vandag die volgende tipe mens in die kerk te vind: *conservative, buttoned-down, moralistic people*. Volgens hierdie skrywer kan dit net die volgende beteken:

If the preaching of our parishioners do not have the same effect on people that Jesus had, then we must not be declaring the same message that Jesus did.

Dalk moet ons onself ondersoek. Is ons nie dalk meer soos die oudste seun as wat ons graag sou wou erken nie? Is ek nie maar net die moderne skrifgeleerde en Fariseër waarvan die Bybel praat nie? Byvoorbeeld: Ek behoort lewenslank al aan 'n kerkgenootskap. Ek het 'n Bybel, nee sommer 'n paar Bybels. Ek het Christelike CD's en DVD's. Ek besoek gereeld 'n kerk. Ek is gedoop, aangeneem en voorgestel Ek dien op die kerkraad en komitees. Ek gaan onder die naam van christen ens. Maar tog staan ek soos die oudste seun buite en het geen deel aan die werklike feesmaal wat in die Here se Ewige huis aan die gang is nie. Dit wil sê die groot feesmaal oor my **ongeredde** broers en susters, wat ingekom het in die Vader se Huis. Dalk deel ek, as oudste broers, net nie die Vaderlike verwagting dat die ongeredde broers en susters in die Vaderhuis moet inkom nie. Daarom is ek dan ook nie opgewonde oor hulle wanneer hulle wel inkom nie.

Daarom is ek dalk ook uitgesluit van die Ewige feesmaal in die hemel saam met die Vader.

3 April

Die Oudste Seun (3)

R(ex): Koning

Wanneer die gedeelte uit Lukas 15 en 16 verder oordink word, ontstaan die vraag of die drie gelykenisse nie profetiese gelykenisse kan wees, wat na die verloop van die geskiedenis, verwys nie?

In die eerste gelykenis is daar 100 skape waarvan 1 verlore raak. Indien ons, ons kennis van hierdie gelykenisse hier toepas, beteken dit dat die oorgrote meerheid, 99 % , van die mense om Jesus, in die begin soos skape om 'n herder was. 1% van die skape om die Herder was verlore.

Soos die geskiedenis sou ontwikkel sou daar al meer mense afvallig begin raak. Dalk sou geld in hierdie verband 'n rol kon speel soos by die gelykenis van die weduwee. Sou daar dalk 10% mense afvallig word, van die wat die Woord aanneem?

Ontstellend, indien 'n mens hierdie gedeelte so wil lees, is die laaste gelykenis. Dalk is dit die tyd waarin ons nou leef. In hierdie finale voorbeeld, wat gebruik word, gaan 50% van die mense verlore. In die geval van die broers; een uit twee. Het die Here juis so baie moeite met die laaste gelykenis gedoen om ons, wat in hierdie tyd lewe, akkuut bewus te maak van die baie gevare wat ons redding

bedreig? Op 'n stadium in hierdie gelykenis is albei seuns verlore. Is dit wat dit beteken dat daar min in die Hemel sal ingaan?

'n Verdere interessante gedagte ten opsigte van hierdie gelykenis, is die feit dat die gelykenis op 'n hoogtepunt afbreek, sonder dat die verhaal voltooi word. Wat sou verder met die oudste seun, die vader en die jongste seun gebeur het? Wat gaan nog verder met ons gebeur?

4 April

Die Plan agter die Plan, agter die Plan

I.(udaeorum): van die Jode

So min van wat die mens om hom waarneem, is waar. So min van dit wat die mens dink hy verstaan, het met die ware werklikheid te make. Daar is dikwels 'n groter werklikheid agter dit wat die mens dink die werklikheid is. Neem nou maar net die nuusgebeure van die dag. Vir die gewone mens lyk dit soos waarheid. Die waarheid is egter dat dit wat die mens sien en hoor, deur deur die media, deur 'n ander persoon bepaal word. Hierdie persoon, of mag, besluit wat hy of sy as nuuswaardig vir jou beskou. Dikwels is daar 'n politieke agenda by dit wat die persoon besluit jy as nuuswaardig moet sien en hoor. Nuusgebeure wat nie by die persoon se agenda, van hoe hy jou wil beïnvloed inpas nie, kan hy dan bloot ignoreer. 'n Feitelike verwringing, sonder om die konteks van gebeure in ag te neem, word ook dikwels as tegniek van misleiding gebruik. Nog 'n plek waar die werklikheid, deur magte agter die werklikheid, gemanipuleer word is die opteken van geskiedenis. Daarom is elke nuwe regering geneig om die geskiedenis oor te skryf, sodat die feite die nuwe regeerder in 'n goeie lig sal stel.

Daar is dikwels 'n plan agter dit wat vir die mens lyk of dit die plan is. Neem nou maar Kommunisme. Dit mag lyk of die plan van die kommuniste is om arm mense te bevoordeel deur eiendom meer gelykmatig tussen ryk en arm te verdeel. Agter hierdie front van Kommunisme is daar egter 'n ander plan, wat vir die meeste

mense verskuil is. Kommunisme bevoordeel 'n klein groepie mense wat baie ryk word en die lotgevalle van baie mense beheer. Hierdie groepie gesaghebbende persone is gewoonlik die wat die mag en beheer het en die lotgevalle van die res beheer en bestuur. In die geval van Kommunisme is daar egter nog 'n dieper verskuilde mag, wat selfs die klein invloedryke groepie beheer. Kommunisme is geskep deur die Rooms Katolieke kerk om die Ortodokse Kerk se uitbreiding in die ooste van Europa te kelder. So word die Kommuniste in Rusland die frontorganisasie van die Rooms Katolieke Kerk, wat aansien in Oos- Europa verloor het. Hier eindig die leuens wat vir die wêreld voorgehou word egter nie. Agter die plan van die Katolieke Kerk met Kommunisme, sit daar 'n nog groter mag, naamlik die van die Jesuïtiese Orde van die Rooms Katolieke Kerk. Hulle het hulle ontstaan tydens die Reformasie gehad toe Loyola die pous genader het met 'n plan om die Reformasie te ondermyn, aangesien die Rooms Katolieke Kerk baie aansien en status verloor het. Die gevolg was dat die Jesuïtiese Orde tot stand gekom het. Sedertdien het die Jesuïte baie mag en status gekry. Hulle beheer grootliks die Katolieke kerk en die pous word bloot as 'n verteenwoordiger van die generaal van die Jesuïtiese orde beskou. Die leier van die Jesuïtiese orde, die sogenaamde Swart Pous, is die ware leier van die Katolieke Kerk. Ook agter hierdie plan is daar 'n groter plan. Satan gebruik hierdie magte om sy bose planne vir die eindtyd in werking te stel. Verder moet ons onthou dat God reeds die geskiedenis vooruit opgeteken het. In Openbaring en deur ander profesieë, het Hy vir ons opgeteken wat in die toekoms gaan gebeur.

God bestuur die lotgevalle van die mensdom, en dit wat Hy vir ons laat opteken het, sal so seker gebeur asof dit geskiedkundig na die tyd opgeteken is. Moet jou dan nie blindstaar teen 'n paar opgetekende feite oor vandag soos dit in die media aan jou opgedis word nie. Daar is 'n plan agter die plan, agter die plan, agter di.....

Alle bewerings in hierdie boodskap is feitelik kontroleerbaar uit die boek van *Romero: While men slept* en verder uit die 216 bronne wat deur die outeur gebruik is vir die navorsing oor die boek.

5 April

Die Prediker soek Sin

Isai: Hy is die Here

‘n Mens, slimmer as jy, het probeer sin vind in die lewe. Ons dink hier aan Salomo, die slimste mens wat ooit gelewe het. Sy worsteling om sin in die aardse lewe te vind, is opgeteken in die boek Prediker. Merkwaardig is die feit dat Salomo se wysshede bykans 3000 jaar gelede geskryf is. Sedertdien worstel elke geslag mense om sin in die lewe te vind. Veel makliker sou dit gewees het indien ons nie so arrogant was nie. Indien ons nie op ons eie insigte sou steun nie, en die wysshede van Salomo aanvaar het, sou dinge dalk vir ons baie beter in die lewe verloop het.

In die boek Prediker is Salomo op soek na die sinvolheid van dinge, **indien God buite rekening gelaat word**. Dit is ook die soeke van die meeste moderne mense. Hulle wil graag sinvol, sonder God, probeer leef.

Salomo was besonderlik deur God geseën. Hy het in teenstelling met die meeste mense die tyd en geleentheid gehad om alles, ten opsigte van sinvolheid, te ondersoek. Kom ons kyk ‘n bietjie na die dinge wat hy alles ondersoek het.

1. **Die geswoeg en gesweet om te oorleef: Prediker 1: 3: Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy gesweet in hierdie wêreld?**

2. **Die soeke na wysheid en kennis:** *Prediker 1: 17: Ek het my daarop toegelê om te verstaan wat wysheid en kennis is. Ek het vasgestel: ook dit is 'n gejaag na wind. 18 Baie wysheid stel hoë eise, wie kennis versamel, vermeerder smart.*
3. **Die soeke na plesier en om die lewe te geniet:** *Prediker 2: 1: Ek het by myself gedink: laat ek my oorgee aan plesier, laat ek die lewe geniet! Maar dit het niks opgelewer nie.*
4. **Om groot ondernemings aan te pak** soos die bou van huise, paleise, die plant van wingerde, aanlê van tuine en parke, bou van damme en besproeiingstelsels. *Prediker 2: 11: Ek het gesien dat alles niks was, 'n gejaag na wind.*
5. **Die opgaan van rykdom:** *Prediker 2: 7, 8 en 9: Ek was magtiger en ryker as almal voor my in Jerusalem. Ook hiervan sê die Prediker dat dit niks is nie, net 'n gejaag na wind.*
6. **Talle mooi meisies** waarmee jy die lewe kan geniet: *Prediker 2: 8 . Ook hiervan sê Salomo dat dit 'n gejaag na wind is.*

Van al hierdie dinge waarin Salomo die sin van die lewe gesoek het verklaar hy in Prediker 2: 11:

Maar toe ek goed nagedink het oor alles wat ek gedoen het en oor alles waarmee ek my met soveel sorg besig gehou het, het ek gesien dat alles niks was, 'n gejaag na wind. In hierdie wêreld bevredig niks nie.

6 April

Die Prediker soek sin (2)

Ismael: God hoor

Sonder God is alles sinloos. Met God kan die lewe geniet word. Luister 'n bietjie na die volgende uit Prediker 5: 17:

Ek het ook gesien wat goed is: dit is aangenaam om te eet en te drink en die lewe te geniet onder al die geswoeg op hierdie wêreld. Dit kom die mens toe vir die hele leeftyd wat God hom skenk. God gee aan die mens rykdom en besittings en laat hom dit geniet. God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit is 'n gawe van God. 19 So 'n mens dink skaars na oor wat in sy lewe gebeur, so vol is hy van die blydschap wat God gee.

Salomo het besondere moeite gedoen om wysheid te deurgrond. Van sy pogings om wysheid te deurgrond sê hy die volgende in Prediker 7: 23:

Ek wou wysheid bekom, maar dit het buite my bereik gebly. Die betekenis van wat gebeur lê buite bereik, baie diep; wie kan dit vind?

Na 'n leeftyd van soek na die sin van die lewe kom Salomo, die slimste mens wat ooit geleef het, tot die volgende gevolgtrekking:

Prediker 12:12 :

*Die belangrikste van alles is: My seun, wees versigtig! Daar kom nie 'n einde aan die skryf van baie boeke nie, te veel studie ooreis die liggaam. 13. Die slotsom van alles wat jy gehoor het is dit: **Dien God en gehoorsaam Sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word. 14. God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, of dit goed is of kwaad.***

Oor die lewe, die sin van die lewe en hoe om te lewe is baie biblioteke vol boeke geskryf. Tog het ons nie al hierdie duisende boeke nodig nie. Ons het die een Boek, met al die wysheid daarin wat ons nodig het vir hierdie lewe. Waarom sal ons nie hierdie boek bestudeer en ons wysheid daarin vind nie? Waarom sal ons self probeer om die antwoorde op die lewensvrae te vind wanneer die slimste mens wat ooit geleef het, onder inspirasie van die Heilige Gees, vir ons die antwoorde verskaf?

7 April

Die Prys

(‘n Gebed)

Israel: Worstel met God

Die prys wat U vir die verlossing van my sonde en vir my redding betaal het, was net te hoog. Geen mens kon hierdie hoë prys verdien nie. Alleen U liefde en genade kon U gedring het om so ‘n prys te betaal.

- 1. Hoe kon U, Here God, U kosbaarste, U eie Kind, U geliefde Seun, oorgee aan ‘n mensdom om Hom te verwoes? Hoe kon U ons so lief gehad het om dit te doen? Hoe kon U in U Kind se grootste nood, U gesig van Hom af weggedraai het? Hoe kon U, U doofhou toe Hy in sterwensnood uitgeroep het: **My God, My God waarom het U My verlaat?** Hoe kon U so ‘n hoë prys vir sondaarmense betaal het?*
- 2. Hoe kon U, Here Jesus, U kosbare lewe vir ons kom opoffer het? Hoe kon U die eer wat U in die hemel gehad het, kom prysgee vir ‘n nederige eenvoudige bestaan hier op die aarde? Hoe kon U, U Koningskap in die hemel prysgee vir ‘n diensknegbestaan hier op die aarde? Hoe kon U die voete was van mense wat U geweet het U gaan verraai en verloën? Hoe kon U die hemel opgee vir die aarde? Hoe kon U, U sondelose heilige bestaan verruil vir ‘n lewe onder sondaarmense? Hoe kon U onder slegte,*

vuil, sieklike mense kom woon? Here was die prys nie te hoog nie? Hoe kon U, die Erekening, toelaat dat 'n nikswerd heiden U deur die gesig klap, U in die gesig spoeg, 'n doringkroon op U kop vaskap? Hoe kon U die mag aan 'n heidense heerser gee om U te laat gesel, totdat stukke vleis uit U liggaam geruk is? Was die prys nie te hoog wat U vir my redding moes betaal het nie? Here toe hulle die bietjie klere wat U gehad het uitgetrek het en toe die lot daaroor gewerp het en U nakend aan die kruis vasgespyker het, was dit nie dalk net te veel nie? Was die prys vir my redding nie dalk te hoog nie? Here toe spykers deur die gevoeligste senuweebondels van U liggaam gekap is om U aan 'n kruishout vas te spyker en U bloed met die grond gemeng het, was dit nie net te veel nie? Toe U, Wie alles gemaak het, moes erken Ek is dors, was die prys vir my redding nie dalk te hoog nie?

3. *Here, geen mens kan die hoë prys werd wees nie. Die boete wat betaal is, was net te hoog. As U dit nie in my hart werk om hierdie boete vir my sondes te aanvaar nie, sal ek 'n ewigheid lank in 'n helse verwyte lewe dat ek die bloed van Jesus vertrap het, en dit nie geag het nie. **Here, al was die prys te hoog, U het dit betaal.***

Hoe kan ek so 'n prys, so 'n hoë boete, die hoogste offer wat ooit gebring is, die grootste lyding denkbaar vir my redding, hoe kan ek dit afwys, wegwys, wegklap en sê: "Nee dankie, ek wil dit nie hê nie"?

Here, ek het 'n ewigheid nodig om U te dank vir die prys wat U vir my redding betaal het. Baie dankie.

8 April

Die Saaier (1)

(Markus 4: 1 tot 20)

Ittai: Met die Here

In hierdie aangrypende gedeelte, verduidelik Jesus aan sy dissipels, en ook aan ons, belangrike beginsels ten opsigte van hoe ons na Sy Woord moet luister, indien ons wil hê dat die Woord iets in ons lewens moet beteken.

Die verhaal van die Saaier is welbekend. Die saad val op 4 plekke, naamlik: Op die voetpad, op die rotse, tussen die dorings en in die goeie grond. Wanneer die saad van die woord van God op die **voetpad** val dui dit op:

Hulle hoor die boodskap van God, maar dit sink nie in nie. Sodra hulle dit hoor, sorg satan dat hulle dit baie gou vergeet. Satan pik as't ware daardie woord uit hulle gedagtes uit (Vers 15). Watter faktore speel hier 'n rol wat maak dat 'n mens God se Woord so gou vergeet? Van die volgende kan hiertoe bydra:

1. Die menslike verstand word oorlaai met inhoude sodat die Woord net nog maar feite is wat met baie ander feite moet meeding. In die tyd wat ons leef is daar soveel kennis beskikbaar dat 'n mens selektief moet waak teen kennisoerlading.
2. Dit mag wees dat die inligting uit die Woord met ander inligtingsbronne moet meeding. In hierdie verband kan die televisie, die rekenaar die

DVD en die internet die mens se sintuie so prikkel, dat die blote hoor van die woord van God, nie hiermee kan meeding nie. Daarom moet die mens hom selektief blootstel aan die media.

3. Die Woord van God word dalk nie genoeg herhaal nie. Die meeste van ons het nodig om bepaalde inligting by herhaling te hoor, ten einde dit ons eie te kan maak.
4. Ons houding wanneer ons na die Woord luister kan ook bepalend wees ten opsigte van dit wat ons gaan onthou. Wanneer ons ongemotiveerd luister asof die Woord net nog inligting is, sal ons nie veel onthou nie.
5. Wanneer jy met die verkeerde emosies luister gaan jy ook nie veel onthou nie. Moenie probeer luister na Sy Woord wanneer jy kwaad is, ander nie kan vergewe nie, angstig is, hartseer is ens. Tydens hierdie emosionele ervarings, moet jy reeds die Woord in jou hart hê, moet dit reeds deel van jou lewe wees. Indien dit die geval is sal dit kragtig kan versterk en troos.
6. Dikwels is ons net te besig met ander dinge. Die Woord moet maar so iewers tussenin gehoor word. In hierdie gevalle sal satan die Woord maklik kan wegpik.
7. Wanneer jy die Woord hoor en dit beteken vir jou so min dat jy nie bereid is om daarop te reageer en dit wat die Woord sê gaan doen nie, sal jy dit wat jy gehoor het gou vergeet.

8. Alleen wanneer jy biddend na die Woord luister en die Heilige Gees toelaat om die Woord jou eie te maak kan jy verwag dat die Woord blywend in jou sal bly en begin wortelskiet.

9 April

Die Saaier (2)

(Markus 4:1 tot 20)

Jahwe: My Here

Wanneer die **Saad tussen die rotse val** dui dit op:

Ook hulle hoor die boodskap van God en is dan baie opgewonde daaroor, maar net 'n rukkie. Sodra hulle geloof iets van hulle begin vra of opofferings moet begin maak, is hulle skielik nie meer so opgewonde en oortuig van alles nie. Gou bly daar niks meer van hulle sogenaamde geloof oor nie(Vers 17).

Hier is dit van belang om te onthou dat die feite wat gehoor word alleen in jou gees kan begin lewe indien dit met geloof gepaard gaan. Jy kan tog nie verwag dat God se Woord iets in jou lewe sal beteken, indien jy dit wat jy hoor, nie glo nie. Jy moet so glo dat jy bereid is om op jou geloof, in dit wat jy glo, te reageer. Meer nog jy moet bereid wees om wanneer, dit wat jy glo getoets word, te bly glo. Jy moet verwag dat jou geloofskennis getoets gaan word om jou geloof te versterk. Indien jy nie hierdie geloofstoets slaag nie sal die Woord se invloed gou uit jou lewe verdwyn.

Vir die derde groep mense sal dit soos volg wees:

*Daar is ook mense wat soos die saad is wat in die **doringbosse** beland het... Hulle het ook die boodskap van God gehoor en dit gretig aanvaar. Maar:*

Then the cares and anxieties of the world and the distractions of the age, and the pleasure and delight and false glamour and deceitfulness of riches , and the cravings and passionate desires for other things, creep in and suffocate the Word and it becomes fruitless(Amplified Bible: Mark 4:19).

10 April

Die Saaier (3)

(Markus 4: 1 tot 20)

Jahwe Tsidkenu: Die Here ons geregtigheid

Die laaste groep mense is die van wie gesê word:

Hulle hoor die boodskap van God en word diep daardeur getref. Hulle begin in oorgawe reg leef en in alles wat hulle doen, borrel hulle Christenskap eenvoudig uit. Daar is eenvoudig geen keer aan hulle nie.

Die goeie **grond** waarin die saad val word hier gelyksgestel met mense wat die Woord hoor en *Diep getref word* deur die woord. Hoe lyk hierdie goeie grond dan, hierdie harte wat diep getref word deur die Woord?

‘n Mens kan verwag dat dit alles sal wees wat nie in die eerste drie gevalle gerealiseer het nie naamlik:

1. *Gaan versigtig om met dit wat jy in jou verstand toelaat. Moenie te veel inhoude daar bêre wat nie regtig ‘n funksie verrig nie. Vra jouself af of dit wat jy nou toevoeg tot jou kennis, wesenlik belangrik vir jou is. Vra jouself af wat jy met die kennis, wat jy nou in jou verstand toelaat, wil doen.*
2. *Die vermaaklikheidswaarde van die media word grootliks gebruik om kennis en gesindhede aan ons oor te dra. Dikwels is hierdie inligting*

*daarop ingestel om iets te bemark. Dit mag ook wees dat die media deur die sekulêre wêreld ingespan word om ons **teen** Christus en Sy Woord te beïnvloed. Wees dus op jou hoede dat jy nie deur die **vermaaklikheid van inligting so oorweldig word dat die Woord van die Lewe by jou verbygaan nie.***

3. ***Herhaal die Woord. Leer dit aan. Oordink dit. Pas dit toe.***
4. *Onthou dat wanneer jy met God se Woord besig is, jy met **God se Woord** besig is. Dit is die Woord van die Lewe. Jy mag maar ernstig daarvoor wees. Jy mag met die regte gesindheid luister met die doel om waarlik te hoor wat God vir jou wil sê.*
5. ***Wees rustig en kalm** wanneer jy na Sy Woord luister. Gaan na 'n stil plek toe – ook in jou hart, indien jy regtig wil hoor.*
6. *Oppas vir 'n te **besige lewensstyl**. Behandel die Woord met respek en fokus uitsluitlik daarop indien jy regtig wil hoor.*
7. *Wees bereid om dit wat jy **hoor, te glo en te doen.***
8. ***Luister biddend.** Dit is God wat praat. **Laat Sy Heilige Gees toe** om die Woord diep in jou hart in te dra.*
9. *Wees te alle tye bereid om **opofferend te doen**, wat die Woord van jou vra. Leef met die **verwagting** dat God hierdie Woord in jou gaan bevestig. Dit mag dalk wees deur jou te **toets** en te kyk of jy bereid is om te ly ter wille van dit wat Hy jou leer.*

10. *Watter **doringbosse** groei oor die goeie saad in jou lewe? Is dit miskien: bekommernisse, angstigheid, die afleidings van die tyd waarin jy lewe, die valse verleiding van rykdom, jou fokus op jou beroep of die begeertes na dinge wat in hierdie lewe so aantreklik lyk? Is jy bereid om hierdie **doringbosse uit te trek** sodat die Woord kan groei en vrugdra?*
11. *Indien jy diep getref word deur die Woord, sal dit beteken dat jy op die Woord sal **reageer** deur in oorgawe, reg daarvolgens te begin leef.*

Moontlik wil jy ook hê dat jou hartsgrond goed voorberei sal wees om die Woord te kan ontvang. Daar is baie wat jy in hierdie verband kan doen.

11 April

Die Sin van Name

Jahwe Mkaddesh: Die Here wat ons heilig maak

Niks wat God doen is sinloos nie. Dit is slegs wanneer die mens nie verstaan waarmee God besig is nie, dat dit vir die mens soms sinloos voorkom.

So is daar baie mense wat nie sin kan vind in die eindelose geslagsregisters en honderde name wat in die Ou Testament vir ons opgeteken is nie. Daar is seker baie redes waarom hierdie honderde name vir ons opgeteken is, veral soos dit in 1 Kronieke voorkom. Kom ons kyk na 'n paar ooglopende redes en probeer so meer liefde en begrip vir hierdie wonderlike woorde, wat vir ons met sorg en toeweiding opgeteken is, kry.

1. Die lees van hierdie honderde name, wat vir die meeste mense sonder betekenis is, is soos die spreek in vreemde tale. Die mens, wat in 'n taal spreek, kan dit wat hy sê, nie met sy verstand verklaar nie. Hy laat maar net toe dat God se Gees met God praat in klanke, waarvan die betekenis vir die mens se verstand, afgeskakel is. So is dit met die lees van die honderde name. Die mens wat in tale spreek is besig met 'n besondere manier van selfverloëning waar hy oorgee, toelaat en vertrou en weet, dat dit wat gebeur, tot God se eer plaasvind. By die lees van die honderde name weet ons ook nie eintlik wat besig is om te gebeur nie. Ons vertrou God dat Hy besig is om Sy doel met ons te bereik. Hy het

hierdie gedeeltes in die Bybel geplaas en Hy verwag van ons om dit met aandag en respek te lees. Ons verstaan nie waarom nie, ons weet nie wat dit vir ons doen nie. Ons skakel ons verstande af, ons gee oor en ons vertrou Hom volhardend om Sy doel daarmee te bereik. Hoe minder ons verstaan en kan verklaar, hoe meer kan ons Hom verheerlik deur ons blinde vertrou dat Hy Sy wil met die lees van die name bereik. So verloën ons onself en ons menslike behoefte om te verstaan, te verklaar en in beheer te voel.

2. Hierdie honderde name het dieselfde effek as die golwe van die see. Hulle is almal name soos al die golwe golwe is. Tog is hulle verskillend soos die golwe van die see ook verskil. Die lees van die honderde name kan dieselfde uitwerking hê as om na die golwe van die see te kyk. Ons kan dieselfde genot kry uit die ritme en afwisseling van die tempo wat ons by die see se golwe kry. Laat die name oor jou spoel, herhaal hulle, geniet hulle en daar kan dieselfde genot ervaar word wanneer ons die see se golwe dophou. Onthou; *“disequilibrium is the essence of fun.”*
3. By die lees van hierdie persone se name, persone wat duisende jare gelede oorlede is, gee ons erkenning aan hulle, net soos God aan hulle erkenning gee deur die opteken van hulle name. Ons bewys eerbied aan hulle en ons sal baie van hierdie persone dalk kort voor lank persoonlik ontmoet. Dit sal regtig sleg wees om dan teenoor die persone te erken dat ons hulle name in die Bybel oorgeslaan het. Wanneer jy nou al oefen

om hulle name uit te spreek, sal dit dalk makliker wees om hulle op die naam te noem wanneer jy hulle persoonlik gaan ontmoet.

4. Wanneer jy hierdie name lees, sal jy agterkom dat daar vrede oor jou kom. Daar is rustigheid en kalmte te vind in die lees van hierdie name. Omdat daar nie 'n storie is nie, omdat ons min verstaan van wat ons lees, is daar bitter min wat ons kan ontstel.
5. In samehang met punt 4 word ons by die lees van die name gedwing om intellektueel af te skakel. Ons kan maar net lees en so vir 'n rukkie uit die stryd van die lewe onttrek.
6. Baie van hierdie name het besondere klanke en daar is ook 'n ritme in die lees van die baie name. Die lees van die baie name word soos musiek, mooi met 'n bepaalde ritme daarin. Die lees van hierdie baie name voel amper soos die luister na Barok musiek.
7. By die lees van die honderde name kan 'n mens nie anders as om bewondering te voel vir die deeglikheid, wat met die opteken van soveel fyn besonderhede gepaard gegaan het nie. Die pragtige struktuur en orde waarin alles georganiseer is, beïndruk 'n mens ook voortdurend.
8. 'n Naam gee die mens 'n identiteit, dit laat die mens lewendig word uit die stof van die ou anale. Die hele gedeelte waarin die name opgeteken is, sou soveel armer gewees het indien daar net gestaan het daar was 785 leiers, sonder die vermelding van iets van hierdie leiers,

al was dit dan net wat hulle name was, en wie hulle vaders en wie hulle seuns was.

9. Die talle afdelings waarin die name ingedeel is, gee ook 'n idee van prioriteite en strukture wat in hierdie tyd gegeld het. So sou dit sonder die baie name van die sangers en die musiekmakers nie moontlik gewees het om te weet watter belangrike rol musiek en sang in die oertyd ingeneem het nie.

So kan die lys net meer en meer uitgebrei word. Hoe meer jy jou in hierdie baie name verdiep, hoe meer waarde sal die honderde name vir jou begin kry.

12 April

Die sin van teenspoed.

Jahwe Shalom: Die Here wat ons vrede is.

Normaalweg is die mens se verwagting in die lewe, een van reëlmatige voorspoed, sonder enige teenspoed. Dit is waarna die mens streef en wat hy ideaal gesproke van die lewe verwag. So voel die mens dan in beheer van sy lewe en ervaar hy homself dan as onafhanklik. Hy kan dan maklik in die illusie lewe dat hy sy eie lotsbepaler is en God nie regtig nodig het nie. Dink maar net aan hoe baie mense net lewe vir die dag wat hulle op pensioen kan gaan. Dit gaan nie werklik oor die rus nie, maar wel oor die gevoel van onafhanklikheid, en die vryheid van die mens om sy eie ding te doen. Hierteenoor is die Bybel vol van verhale van mense, met wie dit soms nie goed gegaan het nie. Dit was mense wat God gedien het en vir Hom lief was. Nou waarom sou God dan teëspoed, laagtepunte en selfs lyding in mense se lewens toelaat? Kom ons kyk na enkele redes wat 'n rol kan speel:

1. Om die mens **afhanklik** van Hom te hou.
2. Om die mens te **toets en te beproef**. Het jy My werklik lief bo alles?
3. Om die mens geestelik **te laat groei** en karakter te bou.
4. Om te kyk of jy Hom werklik wil **gehoorsaam** (Eks. 16:4).
5. Om jou **los te maak** van die lewe en jou **vas te maak** aan die Lewe.
6. Om **soos Jesus te word** deur te deel aan Sy lyding.

7. Om jou te leer om **jouself te verloën** (Lukas 9:23)
8. Om jou te laat **kruis dra** sodat jy meer soos Jesus kan word.
9. Om jou te herinner dat die **lewe deur die dood gevolg word**. Alles hier op die aarde is tydelik.
10. **Om jou te leer van die lewe**. Daar is 'n voortdurende siklus van voor en teespoed, van val en opstaan, van woestyn en oase, van winter en somer, soos in die natuur.
11. Om jou voor te berei deur die **woestynlewe vir die Kanaänlewe** wat vir ons wag.
12. Om jou te toets, om te sien of die **vrug van die Heilige Gees uitgeleef** word; kan jy volhard in liefde, vriendelikheid, geduld, goeiehartigheid, getrouheid, selfbeheersing en vergifnis(Gal 5:22)?
13. Om te toets of jy jou **oë op Jesus** gevestig hou (Eks.16: 6 en 7).

Dikwels sien ons in ons onvermoë om sin in lyding te vind 'n spieëlbeeld van onself as geestelike babatjies wat nie met veel beproef kan word nie. Want ons is nog so swak en moet met melk gevoer word, en net met klein dingetjies getoets word. Wanneer ons na die Geestelike reise om ons kyk en sien wat ander al mee getoets en beproef kan word, is daar dikwels oorgenoeg rede tot nederigheid by ons

13 April

Die smal weg en die nou poort

Jahwe Shammah: Die Here wat ons nooit verlaat nie.

Jesus sê: *Die pad wat na die lewe lei is smal en die wat dit vind is min.* Die vraag ontstaan : *nou hoe smal is hierdie pad?* Om hierdie vraag te kan beantwoord moet ons weer stilstaan by die gedeelte in Luk 9:23: *As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis opneem en my volg.* Om Jesus te volg, agter Hom aan te kom, beteken dat ek op Sy voetspore sal moet loop. Hy is die *weg*, die waarheid en die lewe (Joh.14:6). Die pad is dus so smal soos ‘n voetpad, waarop een mens op ‘n slag sal loop. Dit is ‘n voetspoorpad. Dit is ‘n enkelgelidpad.

Op hierdie pad is daar nie *leeus wat soek wie hulle kan verslind nie* (1 Petrus 5:8). Met ander woorde, jy sal satan nie op hierdie pad van Jesus aantref nie. Nee, hy die leeu wat soek om te verslind, die ou satan, is **langs die pad**. Oppas om nie af te wyk van die smal pad nie. Moenie **afdraai** nie. Moenie **langs die pad** probeer loop nie. Oppas ook vir die **ander paaie**, soos die **breë pad**, waarop baie mense is. Oppas ook vir die **kortpad**. Indien die kortpad die beste pad sou wees, sou die **hoofpad** daarlangs gegaan het. Oppas ook vir die **verkeerde pad**. Jy wil tog nie jou lewe lank op ‘n pad beweeg net om by die eindbestemming, wanneer dit te laat is, agter te kom dat jy op die verkeerde pad was nie. Die Bybel wys so duidelik die regte pad aan.

Hierdie pad, die smal pad, loop ook deur 'n **poort**. Hierdie poort is baie smal en Jesus sê dat Hy hierdie poort is. Hy sê: *Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie (Mat. 7:14)*. Nou hoe smal is hierdie poort regtig? Wanneer Jesus praat van hoe moeilik dit vir **ryk mense** sal wees om in die hemel te kom, praat Hy van so 'n nou poort wanneer Hy sê: *dit sal makliker vir 'n kameel wees om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk mens om in die hemel in te gaan (Mat 19:24)*. Die **oog van 'n naald** is baie nou. Hoe sal ek tog ooit deur die oog van 'n naald kan gaan? Ek sal baie baie klein moet word. Ek sal soos **niks** moet word. Amper soos 'n **stofkorreltjie**. Ek sal **alles van myself** moet prysgee. Dus totale **selfverloëning**. Die ironie van alles is dat ek so klein sal moet word dat daar ook nog plek vir die **kruis van selfverloëning** ook sal moet wees. Daar sal net nie plek vir die self wees nie. Wanneer die dood intree gaan die liggaam tot niet, dit word stof. **So sal die dood van die self moet wees, tot by stof**, om deur die oog van die naald te kan gaan. **Alleen wanneer jy so klein geword het, sal jy deur die oog van die naald weer gebore kan word tot nuwe lewe.**

14 April

Die Storm gaan verby

Jahwe Rophe: Die Here wat ons gesond maak.

In die voortyd, voor satan se val uit die hemel, was daar geen sonde nie, geen gevolge van sonde soos siekte, dood, misdaad, haat en moord nie. Daar was perfekte harmonie tussen die hemelwesens en God het oor alles regeer. Alles en almal het Hom geëer in 'n toestand van perfekte vrede. Ongelukkig het daar baie dinge in die hemel verander toe satan magsbehep geraak het, toe hy oor sy eie skoonheid in vervoering geraak het en begin glo het dat hy self god kan wees. Satan en 'n derde van die engele wat hom ondersteun het, is uit die hemel gegooi (Openb. 12:4). God het hierna weer geskep, moontlik in die plek van die gevalle engele. Hierdie keer was dit mense wat geskape is. Weer was daar perfekte harmonie. Adam en Eva was die kroon, die heel beste wat Hy nog geskep het. Ongelukkig het satan daarin geslaag om die harmonie te versteur toe hy dit reggekry het om Eva en Adam tot sonde te verlei. Adam en Eva is uit die Tuin van Eden gegooi. Die aarde is vervloek vanweë hulle sonde en daar was onrus op die aarde.

Vir 'n derde keer het God toe die orde, harmonie en vrede herstel. Hierdie keer het Sy plan heel eerste die verwoesting van satan se mag ingesluit. Vir die doel het Hy 'n perfekte plan beraam. Hy het egter persoonlik 'n geweldige prys vir die oorwinning oor satan betaal. Hy moes Sy eie Seun vir die doel gebruik. Omdat

God absoluut regverdig is, en altyd getrou is aan Homself, kon Hy niks minder as die heel beste van Homself vereis vir die heel beste wat Hy nog gemaak het nie. Daar moes 'n losprys betaal word vir die mens. Alleen die hoogste offer, die beste van God, kon Sy beste skepping loskoop. So het God eintlik van Homself gegee om die mens te kon loskoop. Iets of Iemand moes betaal om die mens los te koop. Toe die mens begin sondig het, oortree het, moes daar 'n boete vir die oortreding betaal word. God het, getrou aan Homself, besluit dat die hoogste boete wat Hy kan betaal, om die mens se oortredings voor Hom uit te wis, Sy Seun sal wees. Beter, duurder het Hy net nie gehad nie. Jesus sou gegee word. Hy sou gestraf word tot in die dood, vir alles wat die mens verkeerd gedoen het.

Nadat Jesus so gestraf is vir alle mense se sondes, sou satan se mag finaal oor die mens gebreek wees. Dit maak nie saak wat die mens ookal verkeerd doen nie, die boete is betaal. Al voorwaarde is dat die mens dit moet glo en die genade van Jesus se boetedoening vir homself moet aanvaar. So het God tog vir satan 'n bietjie mag gegee om mense te verlei. Indien satan dit kan regkry om die mens te laat twyfel, of God werklik al sy sondes sal vergewe, omdat Jesus daarvoor gely het, kan hy die mens weghou van God se genade. Daarom het hy dan ook alles ingespan sedert Jesus gekom het, om die mens te laat twyfel. Hy veroorsaak massiewe storms om die mens om hom in God se genade, in Jesus, te laat twyfel. Hy kla die mens aan voor God. Hy kla die mens aan in sy gewete. Hy probeer die mens se geloof en vertrouwe in God ondermyn deur, onder andere, die mens welaf te maak, in die hoop dat die mens sal voel dat hy God nie meer nodig het nie. Hy

laat die mens soms geweldig ly, sodat die mens sal wonder oor God se goedheid. Hy probeer die mens se gedagtes oorheers deur die media so aantreklik moontlik te maak. Hy probeer die mens verlei deur genot. Indien plesier en ontspanning genoegsaam verskaf word sal die mens dalk nie meer belangstel om op God te vertrou nie. Veral probeer satan, God op die troon van die mens se hart vervang, met die mens se eie ek. So veroorsaak satan geweldige oproer en storms op die aarde, veral in die mens se siel.

Gelukkig begenadig God Sy kinders deur hulle met geloofsvertroue aan Hom vas te bind. Al die storms wat satan laat losbars om die mens, om sy vertroue op Jesus te probeer kelder, gaan by die gelowige verby en hy vertrou deur elke geloofstorm net nog vaster op Jesus, want *Jesus laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet (Rom 8:28)*

15 April

Die Tempel

Jahwe Jireh: Die Here wat voorsien.

God se teenwoordigheid kan nie tot 'n tent of 'n gebou beperk word nie. Tog het Hy terwille van ons, Homself laat identifiseer met 'n Tempel, Tabernakel en 'n verbondskis (1 Kor. 3:16). Hy het Dawid toegelaat om die boumateriaal vir die Tempel te versamel en Hy het aan Dawid geopenbaar hoe die Tempel gebou moes word. Aan Salomo het Hy die wysheid gegee om die Tempel te bou met alles wat binne-in moes wees. Solank God se volk Hom gedien het, het Hy hulle vereer met Sy teenwoordigheid binne in die tempel. Met die verskriklike afval van God se volk, het Hy toegelaat dat Sy volk in ballingskap weggevoer word. Daar was geen sin om God in Sy Tempel, sonder Sy volk in Jerusalem, in stand te hou nie. God het toegelaat dat Sy Tempel, die simbool van Sy aardse teenwoordigheid afgebreek en afgebrand word. Hy het egter ook belowe dat Sy volk na 70 jaar uit die ballingskap sal terugkeer na hulle land van belofte toe. Getrou aan Sy belofte het dit dan ook 70 jaar later so gebeur. Eers moes die Tempel weer herbou word. Vir die doel het God, Koning Kores se hart sag gemaak teenoor God se volk in ballingskap. In 2 Kronieke 36: 23 word hierdie gebeure soos volg opgesom:

“Koning Kores van Persië sê: Die Here, die God van die hemel, het vir my al die lande op die aarde gegee en Hy het vir my gesê ek moet 'n tempel laat bou in die stad Jerusalem in die land Juda. Enige iemand van julle wat aan die volk van die

Here behoort, mag teruggaan na Jerusalem. Ek bid dat sy God, die Here, by hom sal wees.”

Die tragiese van hierdie geskiedenis is dat daar van die 2 tot 3 miljoen Israëliete wat uit Egipte getrek het, daar nou honderde jare later, net 42,360 na die ballingskap teruggekeer het na die Beloofde Land toe (Esra 2:64). Heel eerste is die altaar van God gebou.

Hulle was bang vir die ander volke in die land, maar hulle het die altaar gebou op die plek waar hy moet wees (Esra 3: 3). En vers 6: Maar hulle het nog nie fundamente van die Tempel van die Here gebou nie.

Toe die fundamente van die Tempel klaar gebou was, was die volk baie bly.

Satan was nie met die toedrag van sake tevrede nie en het die bou van die Tempel probeer keer. Hy wou nie God se teenwoordigheid in Jerusalem terug hê nie. Na baie weerstand teen die bouery, het die bou van die tempel tog later weer momentum begin kry. Koning Darius het gesê dat die bou van die Tempel voltooi moet word (Esra 6:11).

Interessant dat die mens wat die bou van God se Tempel teengestaan het, hy wat God se teenwoordigheid nie onder die volk wou toelaat nie, dat die persoon wat so teen die koning se bevel oortree het en ongehoorsaam was aan die koning se opdrag, dat so ‘n persoon met spykers aan ‘n hout vasgekap moes word. Met ander woorde gekruisig moes word (Esra 6:11). Kan hierdie gebeurtenis dalk die

betekenis van die kruis van Jesus vir ons belig? Die persoon wat die koning se bevel oortree het, moes vir sy oortreding aan die hout vasgespyker word totdat hy gesterf het. So moes ons ook geboet het vir al ons sondes met die dood. Jesus is egter in ons plek aan die vloekhout vasgekap. Soos die Tempel op die ou einde voltooi is, so sal ook ons nuwe liggaamstempels by Jesus se wederkoms voltooi word. Mag daar ook oor die herstel en herbouing van ons liggaamstempels soveel vreugde wees, as wat daar oor die herbouing van die ou Tempel in Jerusalem was.

16 April

Die Trofee

Jahwe Nissi: Die Here is my identiteit (Banner)

Die meeste mense is gemiddelde mense. Dit beteken die meeste mense sal nooit in hulle lewens bekere vir prestasies kry nie. Hulle sal nooit eerste kom nie. Hulle sal nie sertifikate van verdienstelikheid ontvang nie. Hulle sal nooit luukse voertuie kan bekostig nie en hulle sal nooit strandhuise besit nie. Moontlik kan jy met hierdie gemiddelde mens identifiseer. Miskien het jy ook al iewers begeer om net in iets te kan uitblink, om net in een ding regtig goed te kan wees.

Ek het vir jou goeie nuus. Jou wens gaan bewaarheid word. Dalk is jou wens alreeds bewaarheid sonder dat jy daarvan bewus was.

In 1 Johannes 5: 11 tot 13 staan die volgende:

God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur Sy Seun. 12. Wie die Seun het, het die lewe; 13. Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

My boetie, my sussie, dit is tyd vir die prysuitdeling. Kom aanvaar jou prys. Hier is die grootste, die beste, die mooiste trofee wat 'n mens kan ontvang. Hierdie trofee gaan vir ewig hou. Dit is jou persoonlike trofee. Dit is nie 'n spantrofee nie. Dit is nie 'n wisseltrofee wat na 'n jaar weer teruggegee moet word nie. Hierdie is jou persoonlike trofee. Kyk 'n bietjie wat staan op jou trofee gegraveer:

Hierdie trofee is die bewys dat jy My kind is. Omdat jy jousef verloën het, jou sondes voor My kom bely het, en aanvaar het dat die prys wat Ek vir jou sondes betaal het, genoeg is om jou sondes uit te wis, word hierdie trofee van sekerheid van redding , vir ewig aan jou geskenk.

Vir my is hierdie trofee, die trofee van sekerheid van 'n ewige lewe by God, meer as genoeg van 'n prys vir 'n suksesvolle lewe, wat hier op hierdie aarde gelewe is. **Wat van jou?**

17 April

Die Verbondsmaal-Liefdesverbond

(Estie Geldenhuys en Ria Uys in gesprek op Kruiskyk))

Jahwe Rohi: Die Here is my Herder.

In Genesis 12:9 word die Israeliete aangesê om die **hele lam** te eet. Hierdie Lam, weet ons, dui op die Lam van God, Jesus, wat vir ons geoffer is. Die gebruik van die Verbondsmaal of die Nagmaal, is deur Jesus ingestel voordat Hy gekruisig is. Die hele lam dui op die totale offer wat Jesus vir ons gebring het. Om die totale offer beter te kan verstaan, en te weet wat dit alles insluit, is dit nodig om na Jesaja 53 vers 4 en 5 te kyk. Hier is 5 dinge wat met 'n S begin; dinge wat Jesus vir ons op die kruis gedra het, waarvoor Hy geoffer, is naamlik:

Sonde, Siekte, Skuldgevoelens, Smarte en Skande

Ons uitdaging is om te kies om dit te glo. Indien ons dit glo is daar 'n geweldige krag in die nagmaal opgesluit. Die nagmaal is veel meer as 'n simboliese handeling. In die nagmaal plaas ons, deur geloof, ons sonde, siekte, skuld, smarte en skande op Hom. Ons neem terselfdertyd van Hom dan ook die volgende aan:

Sondevergifnis, Genesing, Vrypraak, Vreugde en Goddelike eer.

Indien jy hierdie gawes uit Sy Hand, in geloof, aanneem, word 'n totaal nuwe lewe vir jou ontsluit; 'n lewe van vryheid, gesondheid en vreugde. Tradisioneel

is ons geleer om vreesagtig om die nagmaal te wees vanweë ons onwaardigheid. So het ons Goddelike seën verbeur. Indien jy die gedagte van omruiling kan visualiseer kan dit tot groot krag en seën in jou lewe aanleiding gee. **Sien in jou geestesoog hoe jou siekte, sonde, smart, skuld en skande jouself verlaat en op Jesus neerdaal.** Sien dan ook verder hoe die leemtes wat daardeur gelaat is, gevul word deur Jesus se offer van vergifnis, heling, vryspraak, vreugde en eer. Om hierdie proses aan te help, kan 'n gebedsgenoot jou geloof versterk. Indien mense saam bid word dit vir die satan moeilik om die bidder aan te val en te laat twyfel. Dikwels is dit nodig om blokkasies uit die weg te ruim voordat daar iets van omruiling kan plaasvind. So is dit dikwels nodig dat ons, ons skuldenaars **van harte** moet vergewe en nie net met ons kop nie. Jy sal dan ook moet bid vir mense wat iets teen jou het, sodat hulle kan gesond word. Al is jy nie die skuldige nie, is dit nodig dat jy moet gaan vrede maak.

So word die verbondsmaal 'n kragtige werklikheid in jou lewe, instaat om baie van jou gebreke en probleme aan te spreek. Daarom gebruik baie mense die Nagmaal elke dag in die eerste stiltetyd van die dag. Die eerste gemeente het ook elke dag van huis tot huis brood gebreek. Smith Wigglesworth het in moeilike tye tot vyfmaal per dag die verbondsmaal gebruik. Dit is egter **nie 'n ritueel nie** en dit is belangrik dat die **Heilige Gees jou moet dring en oortuig van die noodsaak om die nagmaal te gebruik.** Ons moet die volheid van die prys wat Jesus vir ons betaal het vir ons persoonlik vat. Wees daarop bedag om die volle

Lam te onderskei wanneer nagmaal gebruik word. So kan jy die krag toe-eien om ten volle te lewe. Belangrik is dit om te onthou dat jy net kan eet en ontvang. Jy hoef niks te doen om iets te verdien nie. Wanneer jy sluk word deur Jesus alles in jou moontlik.

Die moderne gelowige neig om die geesteswêreld van die fisiese te probeer skei. Ons het in hierdie gedeelte gesien dat in die gebruik van die nagmaal die geestelike onlosmaaklik verbind is met siels- en fisiese gevolge.

18 April

Die Verhouding

Jaüresja: Die Here voed

Jy kan net in 'n verhouding met God en Jesus wees deur 'n Bonatuurlike werking. Menslike logika en menslike verklarings kan hier niks van verduidelik nie. Moenie iets van hierdie verhouding probeer verstaan nie. Om te probeer verstaan, is om ongelowig self in beheer te probeer voel. Indien God jou begenadig om jou die gewilligheid in jou hart te gee om iets goeds te doen, vanuit 'n hartsoortuiging, is jou verhouding met God op koers. Om alles self te probeer verstaan is om God uit jou verhouding met Hom te probeer haal, en jou verstand in Sy plek te stel.

Probeer net in Jesus bly. Laat Hom toe om alles in jou te wees. Moenie probeer om 'n goeie verhouding met Hom te inisieer of te bestuur nie. Jou rol sal baie beperk wees. Eintlik sal jou rol net op een ding neerkom, en dit is dat jy geen rol het om te speel nie. In God se teenwoordigheid sal jou teenwoordigheid verdwyn. Jy sal moet sterf. Vir die doel sal God jou in die skool van die lewe deur 'n lewensmeul laat maal, om alles van jouself uit te maal en uit te wan, soos kaf. Alle selfpogings om goed te wees en goed te doen, sal opgegee moet word. Jy sal jouself in God moet verloor. Hy alleen kan die goeie doen. Moenie 'n stuk van jouself probeer inbou in hierdie verhouding, deur te probeer goeddoen nie. Gee op op jou eie self en jou eie pogings. Gee oor aan Hom. Laat Hom toe om alles te wees en alles te doen. Hy is die kragbron en jy is maar net die geleier van hierdie Krag. Wanneer jy Jesus so soek in jou eie totale selfverloëning, stel jy die

Krag van Sy liefde, Sy Gees en Sy teenwoordigheid vry. Uit so 'n verhouding is dit moontlik dat daar goeie dade deur jou tot stand kan kom.

Jou verhouding met die Godheid sal ook deur 'n **onbewustheid** gekenmerk word. Jy sal van jouself onbewus raak en net van God en Sy teenwoordigheid bewus wees. 'n Selfbewuste, bewustelike selfprobeer aan die hand van die wet van God, is 'n aanduiding dat daar ernstige strukturele probleme in jou verhouding met God is en dat daar nog baie in hierdie verhouding is wat nie reg is nie.

God het jou gekies. **Hy is in beheer**. Dit is nie jy wat God gekies het nie. In Johannes 6: 37 staan: *God het elkeen wat Hy vir my gegee het na My toe laat kom en Ek sal hom wat na My toe kom nooit verwerp nie*. God is in beheer van ons verhouding, nie ek of jy nie. Hy doen die werk in my en jou, die oorreringswerk. Hy trek nader. Hy gee ons vir Jesus. Hy werk sonder my natuurlike toerusting en my natuurlike beperkings. Ek is net hier vir God sodat Hy Sy wil deur my kan bereik.

Die sleutel tot die mens se ontsluiting in sy verhouding met God, is geleë in **selfopoffering**. Jouself is jou offer vir Jesus se offer. Soos Hy homself geoffer het vir jou redding moet jouself geoffer word vir Hom. Hiervoor is die mens uitgekies. God laat die mens na Jesus toe kom, na die Offeraltaar toe. **In Jesus word die self van die mens geoffer**. So sal die mens in sy ideale verhouding met God so self geoffer wees dat daar van die selfbewustheid niks oor sal wees nie.

Daar sal net 'n salige Godsbewustheid oor wees soos dit in die Paradys was, voor die sondeval.

So word die verhouding tussen God en mens 'n natuurlike en ongedwonge spontane verhouding wat veral deur opregtheid en egtheid gekenmerk sal wees. Die mens kan hiervoor vra. Aangesien God so 'n verhouding met die mens wil hê, kan die mens wat so na God toe gaan, weet dat Hy Sy Gees sal gee om hierdie verhouding 'n werklikheid te maak.
